

de Ponthoz, en graaf John d' Oultremont, *aid-de-camp* van Z. M.

In het *Grand Hotel* teruggekeerd, werd der Deputatie een bezoek gebracht door Z. E. baron Gericke van Herwijnen, die, zooeven te Brussel aangekomen, zich gehaast had de hem zoo sympathieke Transvalers te komen begroeten.

Om 5 uur hield de heer Du Toit, voor eene stampvolle zaal, de aangekondigde *causerie* over Transvaal, die over hetzelfde onderwerp handelende als de conferentie in het Aardrijkskundig Genootschap, slechts in weinige punten daarvan verschillend. Vooral aan zijne inleiding viel eene donderende toejuiching ten deel, doordien hij zeide, dat, zoo ook de Noord- en Zuid-Nederlanders de Transvalers vergeten hadden, daarginder hadden zij geenszins de Nederlanders vergeten. Dat bewees hunne vlag, dat bewees hunne leus. De Hollandsche Driekleur hadden zij als vlag genomen en daaraan slechts het groen der hoop toegevoegd.

Van Z Nederland hadden zij zich de leus: "Eendracht maakt macht" toegeëigend.

Zijne door daverende toejuichingen zeer dikwijls onderbroken redevoering eindigde hij met de hoop, dat de drie zoo nauw door taal en zeden aan elkaar gehechte volkeren ook in de toekomst één nationale stam mogen blijven.

Het banket, aangekondigd als te 7 uur plaats hebbend, nam eerst tegen 8 uur een aanvang. Bij hun verschijnen in de zaal werden de leden der Deputatie met levendige toejuichingen begroet. Aan de eeretafel nam president Kruger de eereplaats in. Hem ter linkerzijde zaten de heeren Buls, burgemeester, generaal Smit, Odilon Perier, Eloff, Goblet d' Alviella, Julius Hoste en meer anderen. Links van dan president Kruger bemerkten wij de heeren Couvriër, se nateur, minister Du Toit, Beelaerts van Blokland, Esselen en zoo meer.

Ruim tweehonderd leden waren buiten de eeretafel aan twee rijen tafels gezeten. Onder hen bemerkten wij: eene deputatie van de Hollandsche Club te Antwerpen, alsmede verschillende leden van dezelfde club te dezer stede; de schilders Verhas en Verwée, den dichter Hiel, en de meest aanzienlijke personen van de alhier gevestigde Nederlandsche kolonie, zooals dr. Huyvenaar, jhr. L. van der Maesen de Sombref, enz.

Verskillende toosten, allen in het Nederlandsch, werden uitgesproken. De eerste, van den burgemeester, was gewijd aan den Belgischen Koning. De heer Couvriër bracht den tweeden aan den Nederlandschen Koning. De heer Odilon Perier dronk met eene zeer toegejuichte rede op president

Kruger, generaal Smit en minister Du Toit, die hij vergeleek met de bekende oude Vlamingen : Jacob van Artevelde, Jan Breydel en Pieter de Koninck. Minister Du Toit dankte in naam van den president, die door eene lichte ongesteldheid gedwongen was korten tijd het banket te verlaten. In zijne geestige rede vertelde hij hoe de Boeren door hunne vyanden steeds beschuldigd werden van lafhartigheid en domheid. Het eerste verwijt, had hij tot de schooljeugd in Transvaal gezegd, hebben we voldoende bewezen niet te verdienen ; aan u is het, om de tweede beschuldiging te logenstraffen.

De alleraardigste rede van generaal Smit werd uitbundig toegejuicht, en had ten deel een deel van de hem toegebrachte hulde ook op andere officieren over te brengen, die, zooals hij zeer bescheiden zeide, niet het minst groote deel aan de behaalde overwinningen hadden.

De heer De Jager, voorzitter van de Hollandsche club te Brussel, dronk op de verbinding van N.- en Z.-Nederland. De hr. Beelaerts van Blokland wenschte van de afwezigheid van den president gebruik te maken om eenige zeer karakteristieke anecdoten uit diens leven aan te halen. Tevens sloot hij zijne nitbundige toegejuichte rede met een dronk aan de Belgische leden.

Heden morgen vertrok de Deputatie naar Parijs. Een tiental heeren van het Comité waren aan het *Station du Midi* bij hun vertrek tegenwoordig.

Zelden, of ja, ik mag wel zeggen *nooit*, hebben vreemdelingen zulk een goeden, aangename indruk achtergelaten als de leden der Deputatie. In die weinige dagen hadden zij in deze stad eene populariteit verkregen, die menige vorst hun benijd zou hebben.

---

## DI BELGISE KONING EN MIDDE-AFRIKA.

Bij voorgaande korte o'ersig ag ek dit wenselik nog enige indrukke me te deel van ons besoek bij di Koning van België.

Di paleis self is van buite, as gebouw, nix bisonders, hoewel dit heel mooi gelege is op 'n hoogte teenoer di pragtige publieke tuine. Van binne is di paleis egter seer skoon.

Di Koning en Koningin het ons seer vrendelik ontvang. Hy is 'n man sonder enige styfheid of ydelheid.

Wat ons egter verwonderde was, dat di Koning gen Vlaams spreek, hoewel dit di taal is van di grootste deel van zyn volk. Hy liet ons in Hollans praat, daar hy dit genoegsaam verstaat ; maar gaf eers in Frans antwoord, wat deur

Meneer Beelaeris vertolk werd. Later het ek di gesprek met hom gevoer in Engels, wat hy seer goed spreek.

Mar wat sal ons ook daaroor verwonderd wees, dat di Koning di taal van DRI-VYFDE van syn volk ni spreek. Hy verstaat dit tog nog. Mar hoe sou di Gouverneur an di Kaap opkyk as imand hom in Afrikaans aanspreek, wat ook di taal is van DRI-VYFDE van di Koloniste ! ?.....

Di dage is al lank verby toen Ahasveros " brieven zond aan al de (127) landschappen des Konings, aan een iegelyk landschap naar zijn schrift, en aan elk volk naar zijne spraak : dat elk man overheer in zijn huis wezen zou, en spreken naar de spraak zijns volks " (Esther 1 : 22).

Onse tyd is te beskaafd en te verlig en te vry, om nog di huiselike sede en eie taal van elk land en volk te lat eerbiedig !.....

Di gesprek met di Koning\*liep mees o'er midde-Afrika en di Kongo-gebied. An di ontdekkingstogte en stigtinge van handelsstasies in di streke het di Koning persoonlik, uit syn eie sak, al miljoene ponde besté.

Sommige denk dat di Koning dit mar doet ver 'n blote liefhebbery. Syn enige seun is dood (sodat nou na hom di seun van di Graaf van Vlaanderen di Kroon sal moet erf) en syn enige dogter is ryk getronwd, met di Kroonprins van Oostenrijk. En nou denk vele dat di Koning gen raad weet met syn geld ni en in Midde-Afrika so 'n afleiding soek.

Ek denk egter, met vele andere, dat Koning Leopold wel weet wat hy doet, en dat syn Kongo-spekulasi wat meer beteken as 'n geldverkwisting uit pure weelde.

Seker is dit al, dat di binnelande van Afrika mar ni 'n woestyn is, soos vroeger algemeen gedag werd ni, mar molik nog 'n goeie uitvlugs-oord kan lewer ver di owerbevolking van Europa.

Seker is dit dat di verskillende volke van Europa in Midde-Afrika almeer belang stel en betrekkings anknop. België, Portugal, Engeland, Duitschland, Amerika,—Ja watter land het daar al ni een of ander belang ni ! As al di belange mar ni so ineenloop dat di Kongo-gebied later 'n twis-appel word ni.

Seker is dit, dat deur di Verenigde State van Noord-Amerika en deur Frankrijk bij Traktate di Internasionale Afrikaanse Maatskappy, waarvan Leopold II, Koning van België, beskermheer is, as souvereine mag erkend is ; dus tog wat nuws onder di son : 'n internasionale staat om handel en beakwing te bevorder in Midde Afrika. Hoelang dit sal duur ? !.....

Mar ek herhaal dit : ek geloof dat Leopold II goed weet wat hy doet.

## TEN SLOTTE

nog 'n paar anmerkings na anleiding van ons besoek in België.

1. As ver di Nederlandse stam in Suid Afrika ooit iets degeliks sal gedaan worde, dan geloof ek, moet Noord en Suid Nederland, Holland en België, di hande ineen slaan. Hier is dit gen saak van staatkunde ni, mar van nasionaliteit. En 'n mooi begin is daar nou in di spoorweg van Delagoabaai na Pretoria. Lat di lande nou di hande ineen slaan om ons land te open, en dis ver hulle net so goed as ver ons. Albei lande is owerbevolk, en ons het opening. Dis goed dat onse Nederlandse element in Suid Afrika versterk word, anders word ons tog vroeg of laat o'erstroombd deur di degeliks instrumende Engelse Emigrasi.

2. Veral België, di is di digbevolkte land van Europa. En daarby is di land ni bisonder vrugbaar ni. Sodat di bevolking grotendeels bestaat uit industrie. En dis juis wat in ons land nog ontbreek. Di Belge doet teenswoordig heel veel an fabriekwerke. Waarom sou hulle ni oek in ons land menige tak van industrie kom opsit ni? Mar daar het ons nou wel hoop op. Di spoor van Delagoabaai sal hulle anvoer.

Lissabon, 10 Mei, 1884.

---

 IX.—PARYS.
 

---

ANGENAAM TELEURGESTELD.—VANWAAR DI GEESDRIF WAARME PARYS ONS ONTVANG?—DI LAND VAN DI HUGENOTE.

“Happily disappointed”.—Angenaam teleurgesteld!—Di enigsins wanspreukige Engelse uitdrukking geef goed terug ons indruk van di ontvangs te Parys.

In di prysenswaardige Diakonieskool in den Haag het di leerlinge by ons besoek di lied gesing: “Kent gy dat land?” en “Kent gy dat volk?” Toen hulle klaar had, versoek di onderwyser my om 'n woord tot di kinders te spreek.

Ek vraag hulle toen van watter land hulle gesing het. “Van Transvaal!” roep byna almal gelyk. Toen: “en van watter volk?” Dit was ni so dadelik beantwoorde. Dat daar Kaffers woon in Transvaal, wis di kleintjes wel; mar di meen hulle ni. En di blanke inwoners, watter soort masi is hulle dan? “Hollanders; Hollanders!” roep verskeie stemme.

Ek versoek toen di President en Generaal Smit om op te staan, en neem langes hulle plaas, en seg toen: “Kyk, kin-

ders, dis onse President; hy is 'n *Duits*er van afkoms.—En dis Generaal Smit; syn voorouers kom uit *Holland*.—En ek stam af uit di *Franse* vlagtelinge. So is onse nasi ontstaan en samegesteld.”

Ek merk toen dat dit di kleintjies wel beter onse volksaard laat verstaan, mar is eteen tog hulle geesdrif wat verkool. Dit was by hulle so ingewortel: di dappere Transvalers, wat di Engelse van di Spitskop gejaag het, is Hollanders; en om di eer nou met Duitsers en Franse te moet deel, was minder welgevallig.

Dit bemerkende, voeg ek toen dadelik hierby: “En tog, kinders, julle het gelyk. Ons is nauwer an di Hollanders verbonde as an enige andere nasi. Ons praat julle taal, hoewel wat gewysig. Di President, hoewel Duitser van afkoms, kan vandag gen Duits praat ni. En hoewel myn voorouers Franse was, ken ek tog gen Frans ni. Ons gaat dan oek ni in Frankryk of Duitsland ons vaderland terugsoek ni; ons voel gen bande van stamverwantskap, wat ons daar so verbiende as hier in Nederland ni. In Frankryk en Duitsland is ons vreemdelinge. Hier is ons tuis; as tussen broers en susters.

\* \* \* \* \*

“In Frankryk sal ons vreemdelinge wees.”—Di verwagting in Neerlands hofstad uitgesproke, werd later, op andere plase, na omstandigheid, en in gewysigde vorme, dikwils deur my uitgespreek.

“In di weelderige wereldstad sal ons as vergete, onopgemerkte vreemdelinge ankom.” Dit was onse verwagting, toen ons, na soveel hartelikheid ondervonde te hê in Nederland, op di trein sit van Brussel na Parys.

Mar hierin was ons “angenaam teleurgesteld.” By di stasi werd ons deur enige dames en here in 'n kamer genodig. Meneer van Hamel sprak ons 'n hartelik welkomswoord toe, terwyl Mevrouw van Hamel ons 'n ruiker rose anbied, so pragtig as Parys dit kan verskaf.

Nauweliks had di President hierop bedank, of Meneer de Mosenthal, Konsul van di Vrystaat, roep ons 'n welkom toe! Daarop volgde Meneer George Demanche, 'n advokaat, wat uit naam van 'n Frankryk Sang- en van di Aardrykskundige Geneotskap te Parys, ons in Frans welkom heet. Hierop antwoord ek, en moes al dadelik, deur voorgaande spreker uitgelok, verklaar, dat ek dit my 'n ere reken in di Deputasi weer bisonder di ongeveer 'n derde deel van onse bevolking wat van Franse afkoms is, te verteenwoordig.

Toen deur di sierlike Boulevards na di pragtige Grand Hotel, waar di Transvaalse vlag wapper o'er di woelende menigte in di Boulevard des Capucines.

Nauweliks was ons goed tuis of ons werd bestormd van welkome besoekers. Baron de Cambourg kom ons 'n ere-maal van di Aardrykskundige Genootskap anbiede. Meneer Dietz-Moannin, president van di Kamer van Koophandel, nooi ons uit na 'n reepsi an syn huis nog diselfde aand;—Meneer Mollard, introducteur van vreemde ambassadeurs, kom di ontvangs by di Minister van Buitelandse Sake en by di President van di Republiek regel;—Koerante rapporteurs kom ons wys artikels wat hulle reeds oer ons en ons land geskrywe het, en kom inligtings vra om meer uitvoerig onse belange te bepleit;—Portretnemers kom ons vra om onse portrette af te neem, een expres om dit te lat graveer ver "Le Journal Illustre".....

En so het dit di eerste dag geduur. Had ons oek rede om "angenaam teleurgesteld" te wees? Oordeel self, leser!

\* \* \* \* \*

Wat dan di simpati en geesdrif ver onse Deputasi in Parys opgewek het?

Na 'n weinig nadenke het ek perbeer op di eremaal, (waar-oer straks meer), 'n antwoord te ge, ongeveer op di navolgende wyse:—

Dis veral twe bande wat ons an Frankryk verbind: 'n band van bloed en 'n band van beginsel.

Dis 'n feit, dat ongeveer 'n derde van di blanke bevolking in Suid Afrika van Franse afkoms is. Di name de Villiers, Hugo, Du Toit, Du Plessis, Joubert, ens, verteenwoordig grote en invloedryke families. En di afstammeling het perbeer om di Franse naam in Suid Afrika in ere te heu. In di Transvaalse vryheidsoorlog staat voorop di name van Piet en Frans Joubert, Cronjé, Trichardt, ens. Dit herinner an di vroegere krygsroem van di Franse nasi. Oek hier is di band des bloods sterk. Di vervolging wat onse voorouers deurgestaan het, is vergete, (en ons hoop di dage is ver goed verby), en toen Frankryk in oorlog was met Duitsland, was di simpati in Suid Afrika vry algemeen met di Franse. En so oek was di simpati van Frankryk met ons in dese stryd teen Eng-land. Bande van bloed word ni lig verbreek ni.

Di ander is gen stoffike band ni, mar een van beginsel. Frankryk is neu 'n Republiek, en ons is Republikeine in hart en siel. Toen di President van di grote Fransø Republiek di hand geef an di President van ons kleine Republiek, toen was dit ver my of 'n ouere suster sig neerbuig tot haar jonge susje, om di op te beur. Frankryk het aa di wereld getoon wat 'n Republiek kan worde en kan doen. Ons is nog jong, mar onse nederige leuse is wat vroeger tydens di revolusi 'n Jongelingsvereniging, getiteld: di "Bende der Hope" op

hulle vaandel geskrywe het: "Trembler, Tyrannez, nous grandirons!" (Beef, Tiranne, ons groei op!)

Dis ongeveer wat ek op di maal geseg het, op di punt. Later werd ek versterk in myn indruk, wat ek toen reeds gedeeltelik had, deur wat ek di dag daarna lees in 'n Engelse koerant, wat in Parys verskyn: "Di Boere is nou di helde van di dag in Parys. As dit mar ni in verband staat met sekere gebeurtenisse, wat plaas gehad het in 1880 en 1881 ni!"

Ek denk, daar is wel enig verband tussen di gebeurtenisse en onse ontvangs in Parys. 'n Bitjie anti-Engelsgesindheid het seker wat saus gegoi oer di geregtes van onse eremaal.

En dan kom daar molik nog wat by, wat met di laaste in verband staat. In di laaste tyd, veral na Englands houding in Egypte, is di andag van di Franse sterk op hulle Koloniale politiek gevestig, en enige uitbreiding van invloed na buite, veral teenoer Engelse invloede, is natuurlik in Frankryk welkom.

\* \* \* \* \*

Parys self, Parys as stad, gaat ek ni beskrywe ni. Daar waag ek my ni an ni. "Parys is Parys." Daar is alles me geseg. Wat meer wil weet, moet mar gaan kyk. En bowendien, myn algemene indrukke van di "moderne Babylon" (da Costa) het ek reeds an myn Afrikaanse lesers megedeel in myn reissketse van 1880.

Ditmal geef ek nou so hier en daar 'n trek uit onse bevingdings in Frankryks hoofstad. En di belangrikste bisonderheid wat ek kan medeel, (want dis nou eenmaal tot regel gestel om van di werksaamhede self ni te skrywe ni, dus moet ek swyg van ons onderhoud met di Minister-President, Jules Ferry, en met di President van di Republiek), is di eremaal. En dit sal ek mar lat vertel deur di korrespondent van di *N. R. Courant*, wat 24 April skryf as volg:—

Heden avond was in het *Grand Hotel* het banket, aangeboden aan de Transvaalsche Deputatie, door de *Société de Géographie de France* en door de *Société des Etudes coloniales et maritimes*, onder voorzitterschap van den heer De Lesseps. Laten wij dadelijk zeggen dat de feestviering naar aller genoegen, in de beste orde is van stapel geloopt.

Er waren vele goede vaderlanders aan dien disch vereend, om te beginnen de gezant, baron van Zuylen van Nyevelt, dan de heeren Van Hemert, Van Lee, Oyens, Vos van Hagenstein, de heer en mevrouw Van Hamel, mejuffrouw Schwartz en mejuffrouw Moes, de twee begaafde schilders, die te Parijs verblijven om studien te maken, een groot aantal Franschen, onder anderen de heeren De Lesseps,

Dietz-Monna, De Myre de Villers, Mangin, prins Roland Bonaparte, de heer en mevrouw Crawford van de *Daily News*, de heer Weyl, van de *Temps*, de heer le Savoureux, van de *République française*, de heer Charmes, van de *Débats*, en een groot aantal notabiliteiten in het vak van handel en koloniaal bestuur.

De heer De Lesseps, de onvermoeide en steeds jeugdige grijsaard, opent de reeks der toosten aan het dessert, met te drinken op het welzijn en den bloei der Transvaal. De president Kruger beantwoordde dien dronk in een hartig woord, waarin hij wijst op de gemeenschappelijke afkomst der beide republieken, en de jeugdige Transvaal aanbeveelt in de vriendschap harer jongere, maar toch veel grootere zuster.

De heer Van Hamel is dadelijk gereed, tot aller genoegen, met in vloeiend Fransch dien dronk over te zetten, hetgeen eene des te grooter krachtsinspanning was, daar hij in den vooravond eene *conférence* had moeten houden, die niet verschikt had kunnen worden. Hij had in het Hollandsch aldaar over de Nederlandsche letterkunde der beide laatste jaren gesproken in eene vereeniging, die zich de beoefening der vreemde talen ten doel stelt.

De heer Le Myre de Villers nam daarop namens den admiraal Thomasset het woord.

De heer Le Myre de Villers heeft als koloniaal administrateur en als oud-gouverneur van Senegambië en van Cochinchina terecht grooten naam. Als redenaar zijn wellicht zijne gaven niet zoo groot. Maar toch wordt zijn hartelijk woord aan de vreemde gasten en ten behoeve der overzeesche betrekkingen van Frankrijk met belangstelling aangehoord. Daarna staat de heer Du Toit, de onderwijsman der Transvalers, op, die met klem en vuur betoogt, dat het karakter der Transvalers een kind is van Hollandsche degelijkheid en Fransche veerkracht. Hij zegt, dat toen de President Kruger heden de hand reikte aan den President Grevy, dit aan hem, Du Toit, den indruk maakte van eene kleine baby, die aan hare oudere zuster hare genegenheid bewees. Namen als Joubert, als Du Plessis, als De Villiers, die in de Transvaalsche geschiedenis met eere bekend zijn, toonen alleen door hun klank, van welke afkomst zij zijn. Holland zou een spoorweg geven aan de Transvaal, zooals men hoopte, maar Frankrijk zou een lija van stoombooten geven, als die verwachting der Transvalers niet te stout ware. De heer Du Toit werd door zijne welsprekendheid en zijn onderwerp blijkbaar medegevoerd, en zijne redevoering duurde een geruimen tijd. Harde taak voor een vertaler voorwaar. Welnu, tot ieders verbazing heeft de heer Van Hamel de eer der beide talen ook ditmaal opge-



houden, en toen er ten slotte luide door de geheele vergadering werd gejuicht, gold dit zoowel den zeer sympatïeken spreker als den vertaler, die met zooveel tact zich van deze zware taak gekweten had.

De baron de Cambourg, die aan het hoofd der *Société coloniale* staat, veerde daarop in het Fransch het woord, om Holland te gedenken en zijn vertegenwoordiger, die hier aan tafel tegenwoordig was.

Daarop sprak de heer Demanche, dezelfde jeugdige advocaat, die ook aan het Noorder-spoorwegstation had gesproken, en die ook ditmaal uit naam van het jonge Frankrijk de Zuid-Afrikaansche heeren een welkomstgroet toebreacht.

Op hem volgde de onvermoeide vertaler, de heer Van Hamel, die aan Pretoria toewenschte, eenmaal het Parijs van Zuid Afrika te worden, en die uiteenzette, dat evenals de Franschen eenmaal uit verdraaid Latijn de schoone Fransche taal gevormd hadden, zoo ook de Zuid Afrikaners uit min of meer zuiver Hollandsch eene nieuwe taal konden scheppen, die misschien groote toekomst heeft.

Ten slotte stond de heer Gauthiot op, die secretaris is van de *Société de Géographie commerciale*, om als Bougondiër te herinneren aan een zijner voorvaders Retief, wiens naam ook in Zuid Afrika zoo goed bekend is, en om te drinken op het heil der Afrikaansche boeren, als verdedigers van de staatkundige vrijheid.

De maaltijd werd daarna opgebroken, en men bleef nog geruimen tijd bijeen, onder het genot van een geurige Havana en van den gezelligen kout der Transvalers, die hunne indrukken van Parijs mededeelden."

Een woord van my word deur di beriggewer wel trou, mar tog heel kort terug gegé, en ek ag dit pligtelik om an di lesers wat meer me te deel van wat ek daar geseg het, omdat dit 'n saak is van veul gewig ver ons land. Di woord is: "Holland zou een spoorweg geven aan de Transvaal, zooals men hoopte, maar Frankrijk zou een lijn van stoombooten geven, als de verwachting der Transvalers niet te stout ware."

Ver di bou van di spoorweg van Delagoa na Pretoria het ons voorlopige skikkinge gemaak met manne van invloed in Holland, om di lyn gebou te kry op voordelige voorwaarde. Dis 'n lewenskweessie ver di ontwikkeling van ons land. Mar dis ni genoeg, dat Transvaal 'n pad het na Delagoabaai ni. Van di baai moet ons oek 'n middel van verkeer hê met Europa en di grote wereld. Dus 'n Spoorweg en 'n direkte Stoomvaartlyn. Nou gaat mar eens per maand di Castile-lyn van stoombote deur van di Kaap tot an Delagoabaai. En dan is dit nog steeds 'n verre omweg: van di vaste land van

Europa ens. na England; dan van England na di Kaap; dan van di Kaap, met oonthoud an di verskillende hawens, na Delagoa.

Wat ons moet hê, (al leg dit nog wat ver in di toekoms), is 'n stoomvaartlyn wat ons direk in verbinding bring met di Vasteland van Europa. Elkeen wat di moeite wil doen om 'n wereldkaart voor sig te neem, sal sien dat 'n stoomvaart, seg van Marseilles, oer di Middellandse Se, deur di Suez Kanaal, langs di Ooskus van Afrika, na Delagoa ruim 'n derde korter is as di weg wat ons nou moet gaan oer England en om di Kaap. Dan het ons bowedien eers 'n suiwere wedywer met di Engelse handel, want dan kan di andere lande van Europa op gelyke wyse hulle handelsartikels invoer. En wedywer is di siel van di handel.

Mar wi sal ons nou di Stoomvaartlyn ge? Nimand kan dit beter doen as Frankryk. Vereers Marseilles lyk my di angewese hawe. Dan di Franse skeepsvaart beheers di Middellandse Se; oek het hulle al 'n stoomvaart deur di Suez Kanaal na sommige hawens van Oos Afrika. Nou kom dit daar net op aan, om so'n lyn wat verder uit te strek tot Delagoa. En so heel ver is dit ni. Frankryk reik ons nou al amper di hand, tenminste hulle belange strek sig nou al uit tot Madagaskar.

En lat my hier byvoeg: di saad is ni in slegte aarde geval ni. Di saak is reeds in ernstige oerweging. En ek twyfel amper of di verwagting, oer 'n glas champagne uitgesproke, wel te stout is. Di tyd sal dit leer, en ons sal ons plig doen.

Van Parys suidelik deur Frankryk reisende, werd ek steeds meer en meer herinnerd an di land van di Hugenote: di bergagtigestreke,—di uitgestrekte wingerde,—di grote dennebosse, (diselfde 2 soorte denne as by ons),—di vele eikebome,—diselfde soorte van lievelingsblomme, rose en anjeliere,—en ek weet ni wat al meer deed my in di suide van Frankryk di vaderland sien van vele hugenote.

Tyd tot nasporinge had ek ni. Ek denk egter nog steeds, as imand tyd en lus daartoe had, dan sou daar nog wel heel wat te vinde wees. Ten minste van di famili Du Tort werd my ongesog deur verskillende vrinde heel wat megedeel. Byv. di Portugese gesant in Londen vertel my, dat hy met 'n Franse dame gehuwd is, en dat di famili Du Toit in diselfde stad nog woon, onder andere 'n ryke bankier. Daar ek ni kon aanneem, op syn aanbod van 'n introductie, om self daarheen te gaan ni, bood hy an em skriftelik informasi te vra daarom.

In Holland werd my oek heel wat megedeel, o.a. uittrek-

sels uit kerkboeke en universiteits-annale, waarin di naam voorkom. O a. vernam ek in den Briel, dat daar vroeger 'n predikant was van di naam, en veral an di Akademi van Leiden is verskillende studente van di naam ingeskrywe, en oek enige gepromoveerd. Oek werd my nog megedeel dat di wapen van di familie is: 'n Gebroke Keper\* van goud, daarbove 'n ster (6) van silwer, alles op veld van asuur (hemelsblauw).

Op di banket van Parys het een van di vrinde my vertel, dat daar in een van di provinsies nog 'n kasteel is wat an di familie behoort. Mar di drukte van so'n fees het my di naam laat vergeet, oek is molik gebrek an belangstelling hiervan oorsaak. Want al het ons di oue vervolging vergeet, wi seer graag di nageblewe betrekkinge in di Roomse geloof wil antref?.....

LISSABON, 15 Mei 1884.

---

## X.—DEUR SPANJE.

---

54 UUR OP DI TREIN.—ONDER HOEDE VAN SOLDATE.—KLAGTE VAN DI MAAG VAN 'N REISIGER.—'N HARTELIKE EN VRO-LIKE BEVOLKING.—HARTROERENDE TONELE.—MADRID.—'N EIGENMAARDIGE STAD.—OOSTERSE SEDE.—DRUK BEZOETE KOFFIUISE.—'N GEVEG MET BULLE.

Dis 'n hele toer met di trein van Parys na Lissabon, 54 uur agtereen in di trein te sit, dis gen spulletje ni.

Mar alle leed op di wereld is wel wat te versag. Vereers sou ons an Madrid afklim en 'n dag o'erby, om wat te rus. Dan is di reis gedeeld in twe helftes, di eerste 36 en di tweede 18 uur lank. En dan is daar nog 'n verligting. Met wat extra betaling kan 'n mens 'n *slap-rytuig* neem, waarin jy 'n soort van kooi kan maak ver di nag.

En tog is en blyf 'n reis deur Spanje 'n sware taak, gen plisiertoggi. Ten minste ons had goeje geselskap an makkaar, redelike weer,—gen spoorwegongeluk of rowersanval ni,—en tog het ons almal 'n bitji kroes gelyk toen ons uit di trein kom.

Ek praat van spoorwegongelukke. Ja dit gebeur nogal by 'n ni al te stipte bestuur, waar di trein deur uitgestrekte bergagtige en betrekkelik onbewoonde streke loop. Ten

---

\* "Een van di nege gewone tekens wat uit tve teen makkaar staande en bo in een punt verenigde skuinse strepe bestaat."

minste terwyl ons nou hier in Lissabon sit is, na onse deureis, weer 'n ongeluk gebeur waarby 'n 70 manse omgekome is.

En "rowersanvalle," ja, di is ook ni so geheel ongehoord in Spanje ni,—'n land van voortdurende oproer en revolusi, waar di oproerige bendes ni veel anders is as rowersbendes ni. En dan gebeur in Spanje soveel, waar di buitewereld somin van weet, en waar di krante nix van vertel ni.

Mar al sou imand al nix weet van di toestand van Spanje ni, dan sou tog al suspici by hom moet opgewek worde as hy merk dat in elke trein soldate sit en by elke stasi soldate staat, om di orde en veiligheid te handhawe. Selfs di nood-sakelikheid van sodanige veiligheidsmaatregels maak dat imand sig minder veilig gevoel in so'n land.

Mar, soos ek seg, ons is sonder klere-skeur deur gekome. Daar is egter andere besware waaran ons ni kon ontkom ni. In 54 ure tyd moet 'n mens tog eet. Nou kan jy wel by enkele van di kleine, armoedige stasies wat te ete kry. Mar live hemel! watter soorte van kos! En dan moet jy nog mar gou gou maak, om di trein ni te verlies ni. En, om di ellende te volmaak, verstaat ons nog hulle taal ni. Nou gaat dit wel om salke arme dremmels uit te skel in 'n vreemde taal; hulle sal dit ewe beleef anhoor asof jy hulle 'n kempement maak. Mar daardeur raak jy nog ni geholpe ni, behalwe dat ons onder makkaar daar wat pret an het.

Ek seg, watter kos! Terwyl ons by 'n skottel vlees sit te argumenteer watter soort vlees dit tog is, en di een seg van 'n kat, di ander van 'n hond, 'n derde van 'n konijn, werd di raaisel meteen opgelos toen Generaal Smit in syn porsie werkelik di nagels van di kat op syn bord kryg.

Dit as 'n enkel staaltjie om di leser te lat verstaan hoe 'n goeje aptyt imand moet hê om in 'n Spaanse "Fonda" lekker te eet.

Terwyl ons na een van di maaltyd weer in di trein sit en ons troos soek in 'n oigaartji, deel ek an di reisgenote myn plan me om te skrywe: "Di klagte van di Maag van 'n Reisisger deur Spanje," en dit vond hulle heel goed en gaf my nog menige aardige wenk an di hand. En wi weet of ek dit ni nog een dag perbeer ni. Mar vandag ni!

Mar nou moet onse vrinde sig tog ni verbeel dat ons al di tyd deur Spanje sit te treur het in di trein ni. O, ne, ons had heel wat plesier.

Di land lyk wel wat dor. Mar di ruwe bergtonele was ons dubbel welkom nadat ons solank in di platte Nederland vertoef het. Dit was ons of ons nou weer onse berge siet.

Dan di bevolking lyk wel wat armoedig. Mar hulle het

tog veel goeds en bevalligs. Wat bruin, mar mooi en bekoerlik van gelaat, veral mooie oge, en waarme hulle jou soope en flink ankyk. Dan lyk hulle so tevrede en opgeruimd en lewendig. En wat 'n hartelike nasi! Daar het ons meer as een toeneel van gesien.

Toen ons by Madrid ankom di oggend tref ons di hartelike ontmoeting en wyse van begroeting van vrinde. Dit was 'n omhelsing en 'n soenery so anhoudend en so hartelik as ek mar selde gesien het.

En toen ons weer di oggend vertrek van Madrid sag ons weer 'n afskeid, wat wel minder aangenaam, mar ni minder hartelik was. Dit lyk my 'n moeder met twee dogters. Di een dogter moes met di trein weg. En dit was 'n afskeidsnemery en 'n soenery en 'n huilery sonder end. Nog 'n slag uit di trein—nog 'n keer omhels—nog enige lange soene. En wat veral treffend was, di manier waarop di een suster di moeder ondersteun en soek te troos toen di trein met di ander suster vertrek. Sulke eg menselike toneele in 'n koue, ongevoelige wereld doet di hart goed.

Mar di treffendste toneel was nog by een van di kleine stasies. Voor di trein nog reg stil staat hoor ons so'n gegil en geskreuw. Ons kyk uit. Daar is 'n vrou wat somar onder di trein wil loop. Andere hou haar vas tot di trein eers stil staat. Mar ne, di trein staat nog ni reg stil ni, of daar spring 'n jonge soldaat uit en gryp syn moeder om di hals. En sy pak hom om di lyf. 'n Kring van vrinde rondom. Hoelang dit geduur het weet ek ni, mar dit weet ek dat ek nog selde of nooit so'n ontmoeting gesien het. Wat my veral mooi was, hoe hy daar wegstap met syn een arm om di lyf van syn moeder en met syn ander arm om di lyf van syn sussie.

Van 'n dag rus in Madrid had ons 'n goeje verwagting. En ons was ni teleurgesteld ni. Madrid leg ver 'n reisiger deur Spanje as 'n oase in 'n woestijn. Soos ek reeds geseg het, Spanje lyk mar 'n dor. rotsagtig, sanderig en skraal land by deurreis. En Madrid leg in 'n grote, sanderige vlakke, met volstrek gen angename omgewing ni. Mar daardeur maak di stad self molik 'n nog prettiger indruk.

Spanjes hoofstad het syn nadele oek. Verders ver 'n angename luggesteldheid behoef swakke en siekelike mense ni daarnatoe te gaan ni, waar self soveel teringlyders is. Di thermometer rys daar tot 104 en daal tot 16 grade; sodat di Spanjaarde self seg: hulle het 3 maande hel, en verder winter. Di stad leg 2,280 voet bo di se-oppervlakte.

En juis di snelle afwisseling is di ergste. Dit was nou al

warm en di bome groen in Nederland en Frankryk, en Suidwaarts di sen tegemoet gaande, dag ons dit warm te hê in Spanje. Mar ne, di berge was almal wit van di sneuw, en di oggend toen ons Madrid inkom was elke waterplassi met ys owerdek en oral wit geryp. En tog gedurende di dag was dit warm. En di aand weer koud.

Di bemianaar van oudheidkunde kan oek mar van Madrid wegbly; want dis 'n betrekkelik jonge stad wat eers deur Philips II tot hoofstad gemaak is, in di veronderstelling, dat dit in di midde van Spaaje leg. Oue kerke en owerblyfsels moet jy dan oek hier ni seek ni. Maak dan liwers 'n uitstappi (3 ure per trein) na Toledo.

Madrid mis dus 'n mooie omgewing, 'n aangename klimaat en oue gedenkwaardighede. En tog vind ek dit een van di belangwekkendste hoofstede van Europa. Waarom?

Veroers omdat Madrid 'n eg Spaanse stad is. Madrid is di hoof en di hart van Spaaje. En dit word alweer iets seldsaams in onse tyd. "Eenvormigheid is di vloek van di moderne maatskappy"—is seer tereg geseg. Wat 'n verskeidenheid van bouwstyl, van kleederdrag, van volksvermake, ens., had jy vroeger by di verskillende volke van Europa. Mar di drukke wereldverkeer het di volke so na tot makkaar gebreng, en so onderling vermeng, dat alle eigenaardig nasionale seds en gewoontes allengs heeltemaal wegblyf. Mode in Londen is mode in Amsterdam. So plat eentonig word di volkerelewe. As jy 'n vreemdeling neerset in 'n straat van Parys en maak hom daar syn oge ope. En geblinddoek breng jy hom o'er in 'n straat van Brussel. En maak dan ver di derde maal syn oge ope in 'n deel van Weenen. Dan sal di arme man nooit kan vermoede dat hy in di hoofstede van 3 lande was ni. Hy sal diselfde bouwstyl van huise sien (ten minste di arme dele van di stede); diselfde soort [van winkels; diselfde modes van klere, diselfde café's, ens.

Mar blinddoek onse vreemdeling ver di vierde maal en sit hom dan neer in Madrid. En hy sal dadelik seg: "Nou is ek in 'n ander land; onder 'n ander nasi."

'n Ander belangrike eigenaardigheid van Madrid (en dit vind jy meer in Suidelik Europa, oek in Portugal en Italië), is, di stad het 'n *Oosterse karakter*. Dit was myn eerste opmerking tot 'n Hollandse vrind, inwoner van Madrid, wat ons by di stasi kom afhaal het. En syn antwoord was: daar het u gelyk in, en hoe langer u hier blyf hoe meer punte u nog sal kry van o'reenkoms met Oosterse stede. Di eigenaardige straatlewe van di bevolking—hulle gele kleur...di sierlike losse mantels van di mans en di eienaardige hoofdek-sel van di vrouwe—di geskreu van verkopers op di strate—

di waterdragers en waterverkopers—di klokkies an di nekke van di donkeys—di bouwstyl van di huise, bo owerhangende o'er di nouwe strate, ens., ens., alles maak di indrak of jy in 'n Oosterse stad is.

Lewendigheid en geselligheid is 'n andere trek waardeur di bevolking van Madrid gekenmerk word. Hulle praat van di lewendigheid van Parys en Wesenen. Mar as dit in di dartele stede al stil begin te worde na middernag, dan is dit in di strate van Madrid nog vol beweging en lewe. Di druk besogte cafes van di hoofstede van Frankryk en Oostenryk is bekend. Mar toen ons di aand in Madrid in 'n cafe wat wou gaan gebruik, om meteen te sien hoe di volk sig vermaak, toen moes ons 'n hele tyd rondloop voor ons 'n plek kon kry waarin nog ruimte was. Al di grote koffihuise is stampvol.

Dit het ons wel verbaas. Mar toen ons eers binne by 'n tafeltji 'n koppie chokolade sit te drink en di kring van besoekers deurkyk, toen was alle verwondering weg. Heel Madrid is sawons in di koffihuise. Di werkmans en arme sit hier 'n goedkope glas bier te drink en met syn vriende te praat. Di jonge mense sit hier pret te maak en na di musiek te luister. Ja, di hele famili is hier: man, vrou en kinders, tot kleintjies wat nog op di skoot vasgehou word. En di wat 'n bietjie groter is speel hier rond. So eenvoudig, so huiselik, so vrindskappelik! Ek het nog nooit so 'n gesellige kring gesien ni. Wat had ek spyt dat ek hulle taal ni kon praat ni. En tog by so 'n gulle volk is gou 'n aanknopingspunt gekry. Myn vriend en ek begin di kleintjies wat daar rondspeel te roep. Hulle kom ewe vrymoedig—hoe sou kinders wat so opgroei oek onvrymoedig wees?... En toen ons eers met di kleintjies besig was, kon jy wel sien dat dit ver di ouers en vriende oek welgevallig was.

Mar wat veral treffend is in di Spaansche bevolking, dis 'n opgerimde, vrolike nasi. "*Fees vier*," daarvoor is hulle bekend. Een van di feeste had ons di geluk juis di dag by te woon, en wel hulle mees geliefde nasionale vermaak, nammelik 'n *Geveg met bulle*. Dis so iets eigenaardigs as jy molik ni 'n tweede volksvermaak vind ni. Sover ek weet bestaat dit van alle lande van Europa nog net in Spanje en Portugal, met nog al groot verskil in di twe lande. In Spanje is di spel seker indrukwekkender en word dit knapper uitgevoer. Mar in Portugal is dit bevalliger en minder moorddadig. Mar ek denk, ek sal liwers in 'n aparte stuk di Bulgevegte in Spanje en Portugal vergelykenderwys behandel.

Amsterdam, 26 Mei 1884.

## XI.—PORTUGAL: DI VOLK.

DI ANKOMS EN ONTVANGS.—HOFFELIK GEDRAG VAN KONING EN  
VORSTEHUIS—VRINDELIKHEID EN BELEEFDHEID VAN DI  
VOLK.—VADSIGHEID.—GELYKSTELLING HIERDMUR.

Manne Broeders,—Dit kan 'n mens nou eers briwe met reissketse skrywe noem,—byna 'n jaar nadat ik tuis sit!

Ja so gaat dit as 'n mens meer belooft as wat 'n mens kan vervul.

Dink nou, myn laaste skets was oer di deurreis deur Spanje. As ek nou weer met julle di pad, na di tyd afgelegd, moes oergaan,—ne, oervlieg!

Van Spanje naar Portugal.—Terug deur Spanje naar Parys.—Na 'n kort verblyf aldaar, deur België, terug naar Holland.—'n Uitstappi naar Berlyn.—Oer Engeland terug naar di Kaap, en oer di Diamantvelde naar Pretoria.

En daarop 'n drukke Volksraadssitting met briwesakke gevuld met belangrike papire wat behandeld moes worde.—Daarop naar di Westergrens om met Kafferkapteins Traktate te sluit.—Terug, na meer dan 'n jaar afwesigheid di werk van Skool-opsig hervat en in di eerste plaas di kantoor opneem.—Nou di land deur en di skole besoek.—Weer verslag skrywe en doen vir di Volksraad.

So 'n vlugtig oersig doet julle in di eerste plaas sien waarom ons nog gen tyd gevonde het om ons reissketse voort te sit. Mar dit sal julle oek tot di oertuiging bring, dat julle verder ni sulke varse, lewendige indrukke te wagte het, te meer wanneer ek di anmerking hier byvoeg, dat ek gen enkele antekening gehou het van di reis, sodat ek nou enkel met myn geheuge, bygestaan deur enige handboeke, moet te werk gaan.

En tog,—dit is so ongelukkig om 'n werk halfpad te laat bly. Liwer geef ek dan wat ek kan en wat tyd en geleendheid my toelaat. Di datums is my neu wel ontgaan. Mar wat doet dit daar eigenlijk toe of ons 'n week vroeger of later ergens was; dit was tog in 1884, dit is genoeg.

\* \* \* \* \*

Dis 18 ure met di trein van Madrid na Lissabon. Dit herinner ek my nog regte goed. Di morre om 11 uur is ons uit di pragtige en weelderige hoofstad van Spanje vertrokke. Di opmerking kan gen reisiger ontgaan, dat mense hier tog veul meer vir di weelde dan vir di gemak opoffer. Ver-



beel jou eens, leser, as jy met di trein van Frankryk kom, moet jy al vereers met sak en pak te Irun, op di Spaanse grens, oerklim, omdat di Spaanse spoor wy'er is en wy'er bly dan di Franse. Kom jy nou te Madrid an, dan moet jy an di een kant van di stad daar uit. En wil jy deur na Portugal, dan is daar geen verbinding, mar jy moet met een of ander wa'entji 'n uur vèr deur di stad gaan, om glad an di ander kant van di stad di spoor na Lissabon te vinde.

Mar nou wag ons nog 'n erger ongerief. Toen ons te Valencia de Alcantara, op di Potugese grens, ankom, moes ons wel ni oer klim in 'n ander trein ni; mar hier moes ons nog tot onse teleurstelling verneem, dat di trein hier enige ure stilhou, sonder enige tydskorting of akkommedasi, en dit nou om kwart oer 11 in di aand. En weet jy nou waarom ons hier so lank moes wag? Omdat di lyne van Spanje en Portugal an afsonderlike maatskappye behoer, wat makkaar mar ni wil verstaan ni met di regeling van hulle tydtafels. Di Spaanse maatskappy had syn tydtafel vervroeg en di Portugese maatskappy had hiermee, soos met alles in Portugal, nog 'n bietji tyd.

Gelukkig deur beleefdheid van di Spaansche Maatskappy was ons een regte aangename reiswa besorgd, waarin ons regte gemaklik kon slaap (hulle slaapwa'ens, "sleeping cars," is nog beter as di Franse). Bowendien had ons as gesantskap met di invoerregte op di grens geen moeite ni. Ons gebruik toen 'n koppi koffi, loop 'n bietji op en neer, en gaat weer in ons ruime spoorwa. Ek sê toen an een van di vrinde: "Di versuim van enige ure deur agterlikheid met di wysiging van di tydtafel, laat ons sien dat ons vrind Van Duyl gelyk het in wat hy skrywe oer di *traagheid* van di Portugese."— Dis myn gewoonte vóór ons 'n land of 'n stad besoek enige handboeke daarop na te lees. Daartoe had ek di hele dag op di trein goeie geleendheid. So lees mnr Beelaerts en ekenige Engelse (Murray), Franse, Duitse en Hollanse Handboeke oer Portugal. Ek had o. a. by my *Tien dagen in Portugal*, in twe deeltjies, van ons vrind Van Duyl, hoofredakteur van di *Handelsblad* te Amsterdam, deur hom eigenhandig geskonke. Tot tydverdryf lees ek toen myn vrind di bladsye, wat ek vir di leser hier ook wel mag oerskrywe— want later merk ons nog meer dat Van Duyl in 10 dage tyds raak gesien het. Hier volg wat hy seg:—

"Wie zich over de Portugeesche tolbeambten te beklagen mogen hebben, wy niet. Alleen, men neemt den tyd, zooals trouwens in Portugal in vele dingen. 'Paciencia' (geduld) en 'momente' (op het oogeblik) waren ongeveer de eerste woorden die ik leerde. En in sommige gevallen mag men van geluk spreken, als men niet eenige malen 'Amanhá' (manjan, morgen) hoort. Waren er zoovle pas-

magiers, of zoo weinig ambtenaren, of was ons ongeduld zoo groot? Ik weet het niet. Maar onze koffers stonden, dacht my, lang op de toonbank, en nog schenen wy in lange niet aan de beurt.".....

Mar laat onse vriend Van Duyl met syn ongeduld sien hoe hy daardeur kom. Ons gaat 'n bietji slaap nadat ons, ons daartoe voorberei had om geduld te oefen met di volk wat deur vriendelikheid en beleefdheid goed maak wat hulle met traagheid bederwe,—en di Suidelike klimaat word hier tog al warm, di vadsigheid kan ons dus ni bevreemde ni.

Ja, vriendelik en goedhartig is di volk. Dit het ons reeds by onse ankomts en gedurende ons verblyf ondervonde.

Ons slaap dan in gedurende di versuim te Valencia de Alcantara, sodat ons di vertrek si bemerk ni en ni eerder wakker gemaak werd, dan toen ons nog voor di anbreek van di dag by een van di stasies (ek meen Santarem) gewek werd deur onse vriend Jean Burnay, wat ons reeds in Londen had leer ken as di saakwaarnemer van di Amerikaan Mc. Murdo, di consessionaris vir di spoorweg van Delagoa tot an di Transvaalse grens. Di vriend was ons van Lissabon te gemoet gekom, had reeds by di stasi enige verversings besteld, en gaat nou saam met ons na Portugals fraai gelege hoofstad.

Lissabon is "schoon van gelegenheid." Di mooiste geleendheid werd ons aangebode om dit op te merk toen ons met di opgaan van di son langs di Taag afstoom, terwyl di mond van di rivier waaran Lissabon leg al wyer en bre'er word as n noue baai, en di landgoedere langs di schuinte van di berg, nou groen in somerprag di landskap verlewendig.

Mar oer di land spreek ons later, nou meer oer di volk. slegs dit nog angaande di ligging van Lissabon: daarin is dit o. i. di derde stad van Europa; ons sou di eerste Constantinopel noem, daarna Napels, en dan Lissabon.

En nou wat van di vriedelike ontvangs. Reeds op pad het onse vriend Burnay ons verhaald, dat na di korte kennisgeving alles haastig in orde gemaak was vir 'n reg hoffelike ontvangs. En so vond ons dit. In di vroege morre stap ons uit di trein, waar reeds di adjudant van di koning, meneer Castilho, vroege Gouverneur van Lorenzo Marquez, en nog enige persone ons wag. Vir bagage (reisgoed) of niks had ons te sorre. Ons had slegs op di nitnodiging van di Adjudant, wat goed Engels praat, in di Koninklike rytuig te stap en onder 'n eere-saluut naar di Braganza Hotel te ry.

Onderweg deel di Adjudant ons mee, dat di Koning hom met di koninklike rytuig heeltemaal ter beskikking van di President en di Deputasi gestel had; dat hy dageliks deur ons te bepale ty'e sou kom om ons wense te verneem; en dat ons spoedig deur di Koning self sou ontvang worde.

Ons ry toen oer di Praça de Commercio of Handelsplein, so skoon gelege langs di Taag, deur di Rua Aurea, met di fraaie winkels van goud en juwelierswars, verder oer 'n paar steile heuwels, en hou eindelijk stil voor di Braganza Hotel, as gebou, ni veul bisonders, mar met 'n pragtige uitsig van di heuweltop waarop dit gelege is.

Di Adjutant ging selfs binne om alles na ons genoeg te skik. Di beste vertrekke en loseer kamers werd tot onse beskikking gesteld, met 'n balkon vir di uitkyk. Di knapste bediendes werd uitgekies om op ons wonke te pas. En eers toen ons,—na 'n reg aangenaam veertiendaagse verblyf, om onse rekening vraag, verneem ons dat alles vir rekening van di Koning gaat.

Reeds by di intog en dageliks as ons verskillende plase gaat besoek met di koninklike rytuig, had ons natuurlik 'n menigte van nuwsgierige wat ons allerbeleefs groot Beleefdheidshalwe neem ons onse hoede af, regs en links buigende. En wat seg nou alweer onse vriend, Generaal Smit an di President en my? Hy kon dit mar ni laat om nou en dan di lagspire te prikkel.

Dan seg hy: “Groet julle dan di volk?—Dis mos swartvolk!”

Dan weer: “Né, vir di meide haal ek waarlik myn hoed ni af ni.”

En by 'n ander geleendheid: “Né, in di land wil ek ni woon ni want hier is di *gelykstelling* glad deur.”

Di opmerkings was o so gepas. Vir ons waar di teenstelling so sterk is tussen wit en swart, is dit vreemd, hier gen skeidsmuur te vinde. Oer di algemeen is di Portugese mar 'n bietji donker van kleur; dit skyn of daar heel wat Moorse bloed deurgeloop het. Mar tog vind 'n mens daar sommige wat tamelik blank is, veral onder di hogere klasse. Di laagste klasse egter is, wat kleur en kleding betref, volkome gelyk an di gekleurde bediendes in di Kaapkoloni. En di vreemdste vir ons is nou dat daar gen skeidsmuur tussen di twe klasse te vinde is ni. Vandaar di juiste opmerking “di gelykstelling is hier deur.”

Di verskil in taal het dit v'r ons onmolik gemaak om in Portugal so gemeensaam met di volk om te gaan, as byv. in Holland en Belgie, en tog waar en op welke wyse men oek met hulle in anraking kom, word men getroffe deur hulle natuurlike goedwilligheid en vriendelikheid.

En tog het hulle di lewenslustigheid en openhartigheid van di Spanjaarde ni. Om een staaltji tot bewys an te voer. Te Madrid in 'n koffiuis, oek geheel vreemd—in kleding en taal, as ek di kleme Spanjaarde roep, kom hulle op myn

skoot sit en met my lag en speel. Mar toen ek dit te Lissabon beproef, loop di kleine Portugese beskroomd weg. Di ope oog waarmee di Spanjaard jou so vriendelik ankyk, vind jy by di Portugese ni.

Pretoria, 8 Juni, 1885.

## XII.—PORTUGAL: DI LAND.

DI ELYZEESCHE VELDE EN DI RIVIER LETHE GEVONDE.—LISSABON.—ROSE-TENTOONSTELLING.—CINTRA.

Waarde Vrinde,—Di oerlewering verhaal: toen di moordlustige en roofoegtige Romeinse soldate, anders ontembaar in voortvarendheid, onder Decimus Brutus in di noorde van Portugal an di Lima kom, wou hulle ni verder gaan ni. Hier was na hulle mening, di Elyzeese Velde (hulle hemelstreek) en di rivier Lethe, waarvan di water alles laat vergeet.

Dit seg veul vir Romeinse soldate, wat uit di sonnige en weelderige Italië kom. En tog nouweliks te veul. Portugal is mooi: di klimaat is sag; di grond vrugbaar, di natuur ryk, plantegroei weelderig.

Ieder volk is trots op syn land, en (vreemd) meer bysonder op hulle hoofstad. Waarom sou di Portugees dit ni mag wees ni? Temeer as 'n mens an di stryd en di lyde van di edel volk denk.

Quem não tem vista Lisboa,  
Nao tem vista cousa boa.

“Wat Lissabon ni gesien het ni, het nooit iets goeds gesien ni,” seg di Portugees.

En Lissabon is mooi. Syn ligging het ons reeds di derde van Europa genoem, volgende op Constantinopel en Napels.

Mar oek wat syn plantegroei betref. Oer steile heuwels geboud (hy mag wel naas Jerusalem en Rome di stad op 7 berge geneem worde) is di bome in so 'n ryke verskeidenheid op di parke des te pragtiger en di blomme op di terrasse te sierliker. Somtyds kyk jy op teen 'n hoge muur an di bowekant van di straat en van bo hang di veulkleurige blomme na onder. Somtyds siet jy weer 'n 20 of 30 voet onderkant jou 'n-pragtige boomgaard of lustuin. Nouliks het ons op ons balkon by di Braganza Hotel gesit of ons kyk neer in 'n tuin op een terras ruim 15 voet onder ons, wat

weer ruim 20 voet by di straat leg ; en in di tuin trek al dadelik 'n " Lukwartboom " vol rype vrugte ons andag. Ons had dan oek net mar eenmaal di andag van ons bediende daarop te vestig en hom te beduie dat di President daar so veul van hou, en van toen af had ons da'eliks di pragtigste lukwarte op tafel. Limoene en Nartjies en Ananasse en allerhande vrugte had ons daar altyd van di beste kwaliteit, in di rykste verskeidenheid.

Iedereen bekyk 'n land uit syn eigenaardig oogpunt. As vrind van blomme het ek veral op di blomme in di verskillende lande gelet. Generaal Smit sou jou presies kon vertel hoe di perde daar oral uitsiet, ek weer waar di mooiste blomme is.

Ek sou julle nou veul kan vertel van Lissabon—van syn geskiedenis, di verwoesting deur di aardbewing ingeslote—van syn grote waterleiding—van syn mosaiek plaveisel—van di verglansde tiggeltjies (vierkante messelsteentjies) waarmee di mure van di huise belegd is—van di sonderlinge lange name van di strate—van syn trottoirs—van di balkons of vooruitspringende hekwerk voor di vensters waar di dames saans lug skep, ens.—alles eigenaardig en wetenswaardig genoeg. Mar waar eindig ek dan ! Laat my hier nou mar 'n bietji an myn swakheid wat toege en van di blomme vertel.

In Holland het ek my verlustig in di Hyacinthe-velde rondom Haarlem, welke stad ek toen vergelyk het by Florence, vroeger deur my genoemd " de stad der bloemen en bloem der steden." Te Madrid het ek di pragtige anjelire bewonder, dubbel as rose. Mar wat vooral in Lissabon myn andag getrek het was di rose, soos ek dit nergens anders, selfs ni eens in Parys, gesien het ni.

Onder di vele uitnodigings te Lissabon, was twe my dan bysonder welkom. Di eerste was na 'n tentoonstelling van Rose binnens huis—gesnyde rose en roseboompies. By di deur kryg elke besoeker 'n kaartji, met versoek dit neer te lê by di skoonste roos na syn keuse (Gen slegte skikking want hierdeur geraak men tot di keuse van di publiek). Mar wat had ek moeite met myn kaartji. Elke keer siet ek nog 'n mooier verskeidenheid. Di eene munt uit deur kleure, di andere in vorm. Ek ging voorwaarts en nogeens en nogeens terug. Eindelyk leg ek myn kaartje neer by 'n roos wat geheel van myn eigen keuse was, ten minste nimand had daar nog 'n kaartje by gelegd.

Di ander uitnodiging was nog welgevalliger ; dit was van 'n Rose-kweker, ons sou hier sê, van 'n Rose-boer. Syn uitgestrekte rose-plantasies stond nou net in volle bloei, en daar

werd ons deur di anlegger rond gelei en, onder vertolking van di Adjudant, ons di nodige ophelderings gege. Hier en daar werd van di keurigste soorte gepluk en an ons gege.

My het vooral di wyse van ankweek getref. Van elke struik laat hulle net een stammetji staan as 'n boompie van manshoogte; dit werd dan van bo gesnoeid soos 'n sambreel en was letterlyk oertrokke met rose. Deur okkulasi werd nou verskillende soorte op een stam gebring en daardeur altyd nuwe verskeidenhede gevonde.

Toen ons weggaan laat ek di kweker vra hoe veel verskeidenhede van rose hy wel in syn kwekery had. Di antwoord was: *twaaif honderd*

Dit het my toen seker ni so wonderspreukig geklink nadat ek di grote kwekery gesien het, as vir julle, vrinde, by di lees. Tog moet ek erken, dat dit my wat baing voorgekom het. By nader ondersoek, o. a. op 'n tuinbou tentoonstelling in Parys, bevond ek dat daar nog meer soorte is dan 1200.

Dog genoeg hiervan. Julle dink, wat baat julle di mooie blomme—in di verre Portugal. Mar, vrinde, ek is nog altoos van plan om steggies van di fraaie rose te laat oerkom uit Suid Europa na Suid Afrika. Geluk dit my, dan kan julle nog eenmaal van di rose sien en—steggies pluk. As hulle di silwerboom van di Kaap na Cintra oerplant, kan ons oek wel rose van Lissabon na Transvaal oerbring.

Maar di lusherhof van Lissabon, di somerverblyf van ryke en ansienlyke, is Cintra. Daarheen moet ons nog 'n uitstappi maak. Dit is mar 3 uur ry. Ons bastel 'n privaat rytuig, om vroeë in di morre af te reis. Meneer Beelaerts en Maarschalk, onse twe vrinde uit Holland, Generaal Smit en ek. Mar daar is dit alweer—wag—wag—wag.—Di Portugees het mos tyd. Eers om 9 uur kom ons weg.

Tog beloon di uitstappi ons oervloedig. Ja ek was verlief op di natuurskoon van Cintra, dat ek by di terugreis ni kon nalaat te verklaar, as ek, na al myn verre reise, na myn smaak 'n lusoord tot myn woning moes kies, sou ek Cintra verkies. En as ek ooit middels en geleendheid mog besit om so 'n lustig buitenverblyf te hê, ek sou dit *Cintra* heet.

Ja, ek het Italië deurgereis, en oek Switserland, en ek het daar fraaie plekkies gesien. Ek het my verlustig in "het aardsche paradys" van di Muzelmanne, Damascus, en was bekoord deur di rykdom van syn tropise plantegroei. Ek het Smyrna en Rhodes besog, en by di sappige, geurige vrugte wat ek daar geëet het dag ek an di paradys-lewe van ons stam-ouers wat van alle vrugte van alle geboomte geëet het. Di Rijn en di Donau het ek opgevaar en hier en daar het ek

met welgevulle vertoef op di betowerende plekkies an di oevers van di strome. Mar toen ons ep ons donkeys al kronkelend deur di digte geboomte di bergketen van di Serra ongemerk bestyg naar di Penha (rots of piek), waarop di kasteel leg van Dom Fernando, di koning-artist, vader van koning Louis :—toen ons di berg bestyg met syn vele fonteine en waterlopies, tussen di geboomte tot kleine vyvers aangewen], met di grootste verskeidenheid van varens wat ons nog ooit gesien het ; waar ons pad tussen ruwe rotsblokke en wilde bosse en heestergewasse doorslingerende ons elkeenmaal by kleine bloemperke laat vertoewe, waar Camalias (Japonnicas), tot 12 à 15 voet hoog, syn met blomme belade takke vleg deur wilde struike heen ;—toen ons di oue klooster, nou tot Kasteel en Paleis gebouwd, bo op di rotse bereik en vandaar di pragtige vergesig had, was ons oerstelp van di indruk van di enige vermenging van natuur en kuns,—roep ons opgetoge uit : “ Cintra oertref wat ons nog ooit gesien het ! ”

Di magteloosheid beseffende om oek mar enigsins di tooneel te beskrywe, waag ek my ni daaran ni, mar seg liwer : Vrinde, as julle ooit in di geleendheid kom, versuim ni om Cintra te gaan kyk ni.

Hier groei plante van haas alle lugstreke. Hier werd di eerste limoen- en nartji-bome in Europa angekweek. Hier sag ons vir di eerste oek onse Kaapse Silwer-bome, wat sig oek wel vanhier uit oer Europa sal versprei. Hier werd di pragtige marmer vir Portugals paleise uitgegrawe. En vanhier brag ons so 'n marmer potji in di vorm van 'n hart ; dit staat op onse kleedtafel, en dageliks lees ons nog daarop, onder aangename herinnerings, di eenvoudige opskrif : “ *Cintra.* ”

En myn indruk van Cintra is so enig ni. Byron het di lus-oord in syn vers verheerlyk, wat veul bygedra het tot di vermaardheid van di plek, vooral in Engeland. 'n Engelse dame, wat Cintra besog in 1791, deel mee, dat sy daar Milton's “ *Paradise Lost* ” gelees het en getroffe werd deur di oereenkoms van syn beskrywing van Eden met wat sy rondom haar had. En onse vrind Van Dnyl, van wi ons di laaste bisonderheid ontleen, seg oek heel aardig an di slot van syn boeiende beskrywing van Cintra :

“ Men kan zulke indrukken maar niet goed teruggeven. Ik bewonder altyd de menschen, die over muziek kunnen schrijven ; het schijnt mij iets onmogelijks toe, wie niet hooren, of gehoord hebben, te brengen in de stemming van wie wel hoort. Met natuurtafereelen is het, dunkt mij, niet anders ; Men kan enkele aanduidingen geven en zoo goed het

Ik bewonder altyd de menschen, die over muziek kunnen schrijven ; het schijnt mij iets onmogelyks toe, wie niet hooren, of gehoord hebben, te brengen in de stemming van wie wel hoort. Met natuurafereelen is het, dunkt mij, niet anders ; Men kan enkele aanduidingen geven en zoo goed het ging heb ik nu en dan beroefd, eenig begrip te wekken van wat in myzelf is omgegaan. Maar men houdt het gevoel, alsof men iets onmogelyks begint en staat menigmaal op het punt, om de pen weg te werpen en te eindigen met een kort en goed : 'ga het zelf zien.'

Pretoria, 15 Juni. 1885.

### XIII.—GEVEGTE MET BULLE IN SPANJE EN PORTOGAL.

MEES NASIONAL SPËL.—GFSKIEDENIS EN BESKYWING DAARVAN.—TE HARDE VEROORDELING.—IS DI MENS AL WEL SO BESKAAF ?—NIMAND IS ONPARTYDIG NI.

Waarde Vrinde,—Om deur Spanje en Portugal te reis sonder di gevegte met Bulle te gaan kyk is omtrent soos di spreekwoord seg : " Rome besoek sonder di Paus te sien." Dis dan oek di enige verskoning wat ek maak dat ons di half-barbaarse, dikwils veroordeelde spulletji gaan kyk het, sowel in Madrid as in Lissabon.

Want as daar iets waarlik *nasionaal* is in di twe lande, veral in Spanje, dan is dit di Gevegte met Bulle. In Madrid is byvoorbeeld 'n koerant net daarvoor. By al di vernaamste winkels siet jy mooie boeke en albums daarvan. Tot op di mooie waaiers wat di Spaanse dames so baing gebruik is tonele uit di gevegte afgeskilder. Sels kinders word van jongs af daarin opgeleid. Prente-boekies met plate en beskrywings van Bulgevegte is algemeen, en speeldosies, met so 'n hele gebou, met bulle, en bulbevegters in klein is oral te koop.

Dit kan 'n mens by di vertoning self oek sien. Dan is alle range en stande verteenwoordig : van di koninklike famili wat daar 'n eie sitafdeling het, tot di laagste uit di volk. Daar is vaders, moeders, jongmense, tot klein kinders toe. Opmerkelijk is dit om op di kennisgewings te lees "*Los Niños queo Sean depecho nesetitan billete*"—kinders wat njan di bors is ni moet toegangkaarties hê, net mar babetjies wat nog suig kan vry inkom. Daar siet 'n mens di mooie Spaanse



dames met net so veel belangstelling kyk as ruwe soldate en werkvelk. Natuurlik is daar aparte afdelings met verskillende pryse. Op 'n dag as daar Bulgevegte is loop amper di hele Madrid leeg na di *Plaza de Toros*, wat 'n kwartier rij buiten di stad is. En in di somer het hulle alle weke di spel.

Gen wonder dan lat onse vrind, meneer De Lange, di enige Hollander in Madrid, wat ons so veel vrindskap bewys het, oek ongevraagd vooraf gesorgd had dat ons toegangskaartjies had vir di gelegenheid, want net di dag dat ons daar sou oerbly was daar so 'n spel, en as 'n mens ni vooraf vir plek gesorg het ni dan kom jy di dag ni in ni. Want hoewel di ronde gebou (Amfiteater) ruim 10,000 mense kan bevat, tog blyf daar meer buite as daar kan inkom, op 'n mooi dag soos toen ons daar was. By uitkom het dit ons omtrent 'n half uur tyd geneem om deur di gedrang heen te kom en weer ons rytuig te kry.

Di spel self is al so dikwils beskrywe dat dit amper onnodig is vir my om dit weer te beskrywe. Ek neem vir onbekende lesers di vollende korte beskrywing oer uit di "Woordenboek der Zamenleving":

"STIERGEVECHT, een strijd tusschen menschen en stieren, tot vermaak van de toeschouwers, welk schouwspel, hoe vreemd zulks ook voor ons moge zijn, reeds in de vroegste tijden zeer geliefkoosd was. De *stierengevechten* waren reeds bij de Grieken in zwang, en vooral muntten daarin de Thessaliërs uit. Zij reden te paard in eenen cirkel, waarin een stier was, welken men door een stroopop woedend gemaakt had, en droegen daarbij zorg, dat de stier het paard niet kon kwetsen; zij hielden het paard met den kop dicht bij den stier, grepen dan deszelfs horens, en lieten zich voorts van het paard sleuren, waarbij zij echter steeds ter zijde bleven hangen. De stier, weldra vermoeid geworden door eeren vrij zwaren last aan zijne horens onafgebroken heen en weder te schudden, begon allengs in kracht te verminderen, en zoodra de kampvechter het oogenblik gekomen achtte, omvatte hij den voorpoot van het dier met zijne voeten, en deed hem op deze wijze ter aarde vallen. De kunst was nu hierin gelegen, om den stier op den rug te doen vallen, en zijne horens in het zand te doen dringen. Zulke zoogenoemde *taurocathapsien* werden ook te Rome, onder de regering der keizers, door thessalische kampvechters gegeven.

In de middeleeuwen, deed men de stieren meer met honden, dan met menschen, vechten, en hier en daar geschiedt nog wel eens zoo iets. In Engeland, was men vroeger ook zeer gesteld op dit schouwspel, en te Rome, had er, tot op de laat-

ste tijden toe, wekelijks tweemaal een *stierengevecht* plaats. De beroemdste *stierengevechten* werden in Spanje gehouden, waar dezelve reeds ten tijde van de Romeinen plaats grepen. Sommige koningen en pausen verboden ze van tijd tot tijd, maar vergeefs. Zij werden aldaar meest in de grootere steden gegeven, en dat wel in uitgestrekte amphitheatres, die daartoe bepaaldelijk zijn ingerigt. Om de *arena* loopt eene stevige barrière of *baranda*, ter hoogte van 5 voet, waar hier en daar naauwe doorgangen zijn aangebragt, om de vlugtende kampvechters gelegenheid te geven tot het redden van hun leven; het is echter niet zeldzaam, dat een stier over de hooge *baranda* springt. In Segovia, Vittoria en eenige andere steden van den 2n en 3n rang, worden de voornaamste stadspaleizen daartoe ingerigt. In Andalusië, lokt men de stieren door de *manderinen* of koeijen in eene omheining, en zoekt alsdan de wildste en sterkste uit.

Op den dag vóór den strijd, houden de dieren hunnen plegtigen intogt "*encierro*", en worden in afzonderlijke hokken vastgezet, tegenover de koningslogie. Des morgens, wordt een stier *de valda* aangehitst voor het volk; maar zoodrè deze gedood is, moet het volk de kampplaats verlaten, en nu vult zich de *circus* met voorname leden, die daarbij in *galla-costuum* tegenwoordig zijn. De koning of de voornaamste edelman is voorzitter; de oppertoezigtter rijdt den cirkel rond, vergezeld door eenige geregsdienaars, en groet den koning of de personen in de koninklijke loge. Vervolgens werpt de opperceremoniemeester hem den sleutel toe, welke rijk met linten versierd is, ten teken, dat het feest eenen aanvang zal nemen. De kampvechters te paard en te voet "*toreadorus* en *torero's*" zijn meestal gehoord, maar hebben zich ook dikwijls vrijwillig daartoe aangeboden. Eerst komen de *picadores*, gezeten op slechte paarden, welker oogen met een blinddoek zijn bedekt; zij zijn gekleed in gele, gemslederen broeken, een blinkend stalen pantser, een wambuis van goud of silver, een vest van bonte zijde, eenen hoed met breeden rant en met lange linten versierd, rijden pelotongsgewijze, en zijn gewapend met den *garcho*, eene lange lans, met eene knop en eene punt voorzien. Zij reden eerst rond, en nemen vervolgens plaats tegenover degenen, die de hokken der stieren zullen ontsluiten. Met de *picadores*, verschijnen ook de *chulos* in quadrilles, de voeten met linten bestrikt, en in de hand eene roode, blaauwe of gele zijden echarpe dragende; zij gaan den cirkel rond, en verdwijnen weder door de tusschenschotten. Eindelijk komen de *mata-dores*, in het wit gekleed, met zijden kousen, den ontblooten steekdegen in de eene, de *muleta* (eene kleine staf met sterk

gekleurde zijde) in de andere hand; zij gaan door cirkel, en verwijderen zich vervolgens weder.

Zoodra de trompet steekt, worden de vleugeldieren van den eersten stal geopend; de stier verschijnt, verschrikt door die menigte toeschouwers, die hem met het wuiven der deuken begroeten, zoekt daarop eenen uitweg. er rent op den eersten "picador" aan, dewijl hij geenen uitweg vindt. Deze ontvangt hem met zijne lans, en brengt hem eenen kleinen steek in den schouder toe. Hij komt vervolgens op den 2den "picador", en ondergaat weder hetzelfde; eindelijk gelukt hem, door eenen forschen stoot, eenen ruiter uit den zadel te werpen, of er breekt eene lans, of er wordt een paard omgeworpen, waarna de stier hetzelfde de ingewanden uit het lijf rukt. Om den "picador" te redden, komen de "chulos" te voorschijn, vliegen zoo snel mogelijk om den stier, en werpen hem hunne echarpen naar den kop. Daardoor wordt hij onwillekeurig naar een ander gedeelte van den cirkel gelokt, en gaat daar op eenen nieuwen "picador" af, terwijl de gevalene uit de voeten wordt gemaakt.

Bij de "stierengevechten", hangt de veiligheid der strijders hoofdzakelijk af van de "clamars", die den stier roepen; want indien deze hunne kunst goed verstaan, dan verlaat zelfs de woedende stier zijne prooi, en wendt zich tegen genen. Niet zelden heeft een stier reeds 9 tot 12 paarden gedood, voordat hij vermoed is; zoodra men zijne afmattig begint te bespeuren, verwijden zich de "picadores," en nu komen de "chulos", met hunne "banderillos"; dit zijn kleine stokken, ter lengte van 2 voet, aan het einde voorzien van eene krom gebogen punt, als eene vischhaak, van binnen voorzien met eenig vuurwerk; deze "banderillos" werpen zij van voren op den stier, over zijne horens. Eindelijk verschijnt er een "matador" tegen hem in het strijdperk, door eene "quadrille chulos" vergezeld, en beweegt zijne "muleta", waarop de stier terstond met gesloten oogen aanrent. De "matador" zoekt daarbij den stier den degen in de borst te stooten, en dien onmiddelijk weder uit de wond te trekken, ten einde de toeschouwers daarmede te groeten. Heeft hij het woedende dier goed getroffen, dan davert de lucht van vivats, en wordt de overwinnaar overladen met allerlei geschenken; maar mislukt de stoot, en rent de stier met den degen in den nek voort, dan wordt hij uitgefloten. Indien de "matador" door den stier gedood of gewond wordt, dan brengt het publiek desgelijks den overwinnaar zijne bravo's toe, ofschoon deze terstond daarop door eenen anderen "matador" bestreden wordt. Is de stier gedood, dan ontdoet de overwinnaar hem van het lint, dat elke stier, als een teeken draagt en biedt

hetzelve aan eene dame aan, Nu verskijnem er muildieren in den sirkel, om den stier en de gedoodde paarden weg te slepen. Daarna wordt een andere stier in het strijdperk gebragt, en zoo niet zelden 8—12 “stierengevechten” daags geleverd.”

Di dag toen ons dit bygewoon het is daar ni minder as 12 Bulle en 15 pèrde doodgeskiet op di manier. Dit val ni te ontken ni, dat dit vir ons wat *wreed* lyk om dit te anskou, veral om te sien hoe jonge kinders en dames daarin genoege neem.

Mar an di ander kant is di oordeel van vele vreemde besoe kers, veral Engelse, wat hard. Dis meer bewondering vir di moed, di gouwigheid, en handigheid van di vegters wat di algemene bewondering trek.

En dan hulle pret van di moordery van di arme diere. Mar vereers di mees ou'e pèrde en bulle. En verder di diere word spoedig heeltamal dood gemaak. Mar hoe is dit dan met *Besies* waar di stomme diere oek gemoor worde? Hoe met *jaegers* en *vissers* wat vir plisier 'n menigte diere en visse kwes? Hoe veral in England waar di hoge Lords nog altoos hulle *Duivesskieterij* anhou, waar di stomme goed uit di koutjies moet uitvlieg om doodgeskiet en dikwyls gekwes te worde, ja waar opsettelik één oog uitgesteek word vooraf, dat di stomme vogel skeef moet vlieg?—Ag, dis nog mar altyd makliker om di splinter in 'n ander syn oog te sien as di balk in jou ei'e.

In Portugal is di spel echter minder bloeddorstig. Daar word gen dier doodgemaak ni. Om di Bulle hulle horens word iets op di punte vasgemaak, sodat hulle ni kan deur-steek ni. Dis dan oek mar meer 'n spel om di behendigheid van di pèrderuiters en gouwigheid van di pèrde te lat blyk. Dis dan oek ni deur ou'e knolle ni, mar lewendige jonge pèrde.

En tog, ek kan dit ni ontken ni. 'n Mens is nooit *onpartydig* ni. Al baklei twe hane, jy sal ni te lank daarna kyk ni, of jy is partydig vir di een. So was ek oek by di bevegte met di Bulle altyd partydig vir di arme diere, en meer dan eens het ek ni omgege as di Bulle di kerels so'n skrik son maak dat hulle met di spulletjies ophou.

## [’N HOOFSTUK TUSSEN HAKIES.]

’N GESPREK MET MYN MOEDER.—’N SWERWELING TEEN MYN  
SIN EN AARD.—VLUGTIGE O’ERSIG VAN REISBEVINDINGE  
TOT WAAR EK SIT SKRYWE.

Waarde Vrinde,—Hier sit ek nou, by di sameloop van Riet- en Modderrivier, voor ’n volle stroom. Dis Maandag morge; van Vrydag af wag ons al hier, dat di water moet sak, en nog kan ons ni deur ni. ’n Hele plaat wagens staat an weerskante te wag. Di wind waai so koud en di stof warl so, dat ek self ni by di vuur kan sit ni, en mar in di wa moet vlug. Wat nou gedaan? Van lees is ek al moeg. Nou mar myn skryfsak uitgehaal en myn reissketse vervolg.

Nou toen ek bo by myn bejaarde moeder was, seg sy an my: “Ag, myn kind! wat is dit tog, dat julle so swerf oer di aarde?..... Jou oerlede vader en ek het altyd hier mar stil an di Dal gewoon, en ons lewe hier geslyt, en julle word nooit moeg van reis ni.”

“Ja ma!” was myn antwoord. “Ek glo dat mar min Afrikaners ondervinde het wat ek al moes deurgaen. Ek het al gereis oer see en land,—op riviere en strome,—op skepe en op omnibusse,—op spoortreine en op donkeys. Ek het geloseer in di deftigste hotels en in tente;—ek het geëet by konings en geslaap by matrose.....

“En waarom dan?—Omdat dit myn lus is?—Né, ek is onvrymoedig van aard; dit weet ma; so was ek van jongs af. En dan huiselik van aard; daar is vir my nix mooier op aarde ni as om stil tuis te sit.....En tog moet ek soveel swerwe. Byna myn hele lewe deur. As al myn reise agter makkaar geset word, dan was ek al seker dri ef viermaal di aardbol om.....

“Mar dis ’n bewys, dat ’n mens ni syn eie weg kan kies ni. Ek word geleid deur ’n Hogere hand, Ek volg mar di leiding. En hoe oek di paje van Geds kindere slinger o’er di aarde, eenmaal loop al di wege ineen voor Geds troon. Nou moet ons mar bly wees as ons op di kruispaje ’n ogenblik same wat kan nitrus en spreek van ons vreemdelingskap. Mar eenmaal sal ons alte lekker nitrus onder di ‘Boom des Lewens,’ an di Rivier van di ‘Water des Lewens,’ in di Nuwe Jerusalem. Dan sal ons “de stem des dryvers” ni meer hoor ni, en wat ons dan nog uitgaan sal di Lam self ons lei an “de levende fonteinen der wateren.”—”

Myn gesprek met myn moeder had 'n ernstige stemming veroorsaak, en ons albei tot swygende owerpeinsing gebring, waaran sy 'n end maak met di versugting; "Ja, myn kind, moeg gen één van ons mar daar gemis worde ni."

'n Sug,—'n traan,—'n kus,—maak 'n end an di gesprek.

\* \* \* \* \*

Ek diak toen na: Ja, myn liwe, vrome moeder het gelyk. Ek *het* tog al wat geswerf o'er di aarde.

En denk eens, leser, in myn laaste skets het ek perbeer om julle wat te vertel van di fraaie natuur in Portugal. Mar bedink vlugtig met my di pad oer wat ek al na di tyd afgeleg het tot waar ek nou sit.

Van Lissabon terug, deur Spanje, Frankrijk en België,... na Holland. Vandaar na Duitsland. Weer terug na Holland, en o'er Engeland terug na di Kaap. Verder na Transvaal. Voor di Volksraad verslag gedaan van onse sending. Na Stellaland en Gosen, met Vrywilligers en Kafferkapteins Traktate gesluit. Transvaal in leangte en breedte deurreis en di skole geinspekteer. Weer na di Paarl om te trou, en nou alweer op terugreis na Transvaal.....

\* \* \* \* \*

En nou kan ek vir 'n kleine afwisseling meteen mar wat vertel van myn reis uit di Paarl tot hier.

Met dank vir al di liefde wat ek met myn liwe vrou-tji en kinders van di vele vrinde ondervonde het, en met spyt dat ons di liefde ni beter kon vergelde ni, klim ons Vrydag aand uit 'n gedrang van vrinde en angejaag deur di treinbestierders in di volle spoorwa, waar ons goed haastig ingesmyt werd, sodat ons tot an Wellington stasi net druk besig was om vir mense en goed plek te kry. Daar kom nog enige vrinde ons groet, en nou—goeie nag!

Van Vrydag aand half tien tot Sondag morge half dri uur op di trein. Tyd genoeg om jou te verveel. Mar ek had al langer op di trein gesit en wis dus al om tyd-korting te soek. Want di trein is mar 'n vervelende, vermoeiende rytuig, en dan kosbaar daarby. Al wat jy daarvan het, is, dat dit gou gaat. Mar in 'ons tyd is dit 'n voordeel wat teen al di nadele opweeg. In minder as 'n dag en twe nagte van di Paarl na Grootrivier, wat anders 'n maand sya pad was—dis moei.

Sondag moes ons by di stasi oerbly om Maandag morge eers an di een wa te lat werk. Ag, watter Sondag! Van di morge vroeg tot aand laat, troppe dronk volk, en nog meer dronk Koranna- en Hotnets-meide, wat rondslinger, en vloek, en baklei, dat ons ni wis waar di kindertjies en ons

self te berge ni, om sulke hederlike tale ni te hoor en salke tonele ni te anskou ni.

En dan di Sondags-ontheiliging by di Trein-ambtenare en bediendes self. Di hele dag siet jy mar werk, om Kolonel Warren syn Vrywilligers met hulle goed en perde op te laai en af te stuur.

Ek kon ni nalaat om di opmerking te maak hoe di Spoor-trein di land open, ja vir handel en beskawing (?), mar meer nog vir sonde en ongeregtheid. Wat ons hier di Sondag moes sien en hoor is letterlik onbeskryfelijk.

Maandag middag vertrek, nadat ons al verneem het dat dit vorentoe so bang geroon het. En ja, Dingsdag tot Vrydag ry ons di meeste tyd in di reën, en al di tyd in di modder, sodat di wagens tot an di aste vasval, want di pad word nou bang gery met ai terugkeer van Warren syn vrywilligers met hulle rooi verweel pakke. So hier en daar siet jy dan oek mar 'n wa vasval, en dan moët twe spanne (tot twintig esels) voorgehaak worde en di wile losgegrawe worde, om uit te kom. Ons het oek wel 'n half dosyn male ons beurt gehad.

Toen ons hier by di sameloop van Modder- en Rietrivier kom Vrydag aano, 'was dit net donker. Kort tevore het nog di laaste wa deurgekom, en di water was sterk and' groei. Saterdag was dit 'n see van water, in di dorre wereld. Watter strome water moes daar uit di lug geval hê op in di Vrystaat. Donkerbruin kom di dikke modderwater af, al hoger en hoger. Grote bome en stempe speel boldermakusi in di stroom. En watter ongelukke! Ons het in di stroom sien verby drywe: Perde, Esels, Beeste, Skape, en Mense! Ja, Mense! Een man, tussen twe esels met tuige op. Hy het gelyk of hy in di tuige vas was. Molik was dit twe esels van 'n hele span. Twe Kafferlyke is oek gesien. Dan 'n os met 'n juk op di nek. Dit alles getuig van ongelukke hoger op. Gen wonder dat ons met 'n klomp ander liwers mar 'n bietji geduld gebruik en wag. En so sit ek dan hier op myn knie in di veerwagentji di reisskets te skrywe.

\* \* \* \* \*

Di wagens vermenigvuldig an weerskante van di rivier. An deuse kant staat al 'n 25, en an di ander kant lyk my ni minder ni.

Dit lyk of party al ongeduldig word. Van di ander kant staat 3 ossewagens ingespan. Dis lege wagens. Di voorste, 'n ope wa, ry in. Di osse slaat dadelik af deur di sterke stroom, en di wa dryf vas teen di grote klippe. Hulle haak di osse af en span hulle agter di wa, en trek di wa agterste-

voor weer uit di water uit. Nou staan hulle daar reddeloos en weet ni wat te doen ni.

Ons het oek gaan kyk. Mar di wind waai so koud en di stof is so erg, dat ek mar weer in di wa moes vlug en skrywe.

\* \* \* \* \*

*Nuskryf.*—Dingsdag morge. Nou begin di lege wagens deur te ry. Dit gaat daarom nog mar beswaarlik. Ons hoop egter om agtermiddag oek deur te sukkol. Dus, vaarwel! Dis genoeg tussen hakies. Nou gaat ek mar an met myn Reissketse in Europa.

Sameloop van Riet- en Modderrivier,  
15 September 1885.

---

## XIV.—IN BERLIJN.

---

WAAROM DUITSLAND NOG OP LAAS.—ALLES IN DI HAAK.—DI GRYSE DRIEMANSKAP.—'N GALA-DINER AN DI KEISER-LIKE HOF.

Waarde vrinde,—Toen ons van Suidelik Europa terug was in Holland, was di tyd van terugkeer na Suid Afrika oek al daar. An al di uitnodiginge kon ons ni meer voldaan ni. Hoe graag sou ons di uitnodiging van di Regering van Switserland, di oudste susterrepubliek, en Italië nog aangeneem hê! Mar di tyd is 'n tyran wat sig ni lat verbidde ni.

Eén uitnodiginge moes ons egter nog aaneem: na Berlyn. Na so'n skitterende ontvangs in Parys sou dit anstotelik wees om di vererende uitnodiging van di Duitse Regering ni an te neem ni. En temeer daar di 3 hoofbestanddele van onse nasionaliteit van Hollanse, Franse en Duitse afkoms is, gelyk dit in di dri persone van onse Deputasi afgebeld is: di President van Duitse, Generaal Smit van Hollanse en ek van Franse afkoms. Hoe kon ons dan Duitsland o'erslaan, Duitsland wat an di hoof staat van di Europese State!

En tog was di besoek byna misluk wegens gebrek an tyd. Prins Bismark was toen so vrindelik om di Duitse Gesant van di Haag na Amsterdam te lat kom, om met ons di terme van 'n Traktaat van koophandel en vrindskap te kom bespreek ingeval ons gen tyd kon kry om Berlyn te besoek ni.

Ons passasi op skip was geneem. Mar di bestuurders was vrindelik genoeg om ons dit kwyte te skelde en so sou ons 'n



week later vertrek na Kaap om Duitslands hoofstad 'n besoek te bring.

En dit het ons ni terou ni.

Reeds op di grens werd ons megedeel dat 'n staatswage vir ons beskikbaar is. Mar as ons liwers in ons salonwage wil bly (dit was laat in di aand) dan kan ons doen soos ons verkies.

Di oggend vroeg te Berlyn ankommende stond op di Platform di Geheime Legatieraad Von Kusserow, en di Duitse Consel van Delagoabaai, Reghe, wat al in Londen met ons kennis gemaak het, om ons te ontvang.

Na 'n vriendelike en hartelike welkomsgroet werd ons in di Keiserlike rytuig geplaas en na di Kaiserhoff vervoer, waar ons vir rekening van di Keiser loseer, en waar twe Keiserlike Lakeie in Kostuum di hele dag voor ons deur staat om onse orders af te wag.

Alles was in di haak, soos alles in Duitsland is. Di Minister van oorlog had 'n Kolonel ter beskikking van Generaal Smit gestel om hom alles te lat sien wat di Krygswese betref, iets wat ni an elke Europese Generaal sal vergun worde ni. Di Minister van Onderwys het my as Superintendent van Onderwys alle hulp aangebied as ek enig iets van onderwys sake wou sien. Prins Bismarck sou expres van syn buitenverblyf inkom om ons te ontvang, iets wat hy haas nooit meer an vreemde gesantskappe doet. Di Keiser en Kroonprins was bereid om ons te ontvang.

Mar twe bisondere gelegenhede sou juis inval gedurende ons kortstondig verblyf in Berlyn. 'n Seun van di Kroonprins had 'n ridderorde ontvang van di Koning van Spanje. Ter eere daarvan sou 'n Gala-diner gegee worde an di Hof, waartoe ons uitgenodig was. Dan sou di dag daarna di hoek steen geleg worde van di Ryksdag-gebouw, di eerste sigbare gedenkteken van di eenheid van di Duitse Keiserryk, waarin di verte'enwoordigers van di verskillende Duitse State sou samekom. Oek hiertoe was ons uitgenodig, en deur di vriendelike tussenkoms van di Geheime Legatieraad, wat ons in alles so trou ter syde stond, werd 'n goeje plaas vir ons uitgehou onder di gesante van vreemde mogendhede.

Wat di Gala-Diner vir ons so belangrik gemaak het was ni di grootsheid en prag van di Duitse Hof ni; want daarin sou dit by menige mindere hof, byv. van Spanje, ver moet agter staan. Ne, juis di gemis van veul ydel vertoon wat jy an andere howe vind, gaf an di Duitse Hof 'n ernstiger voorkom, wat wel ei igsins o'ereenkom met di wapenspreuk van di Keiser: "Ich und mein Hans wollen dem Herrn dienen."

Né, wat vir ons di resepsi en eetmaal so belangrik gemaak

het, was di gulle kans om daar Duitslands grote manne te ontmoet, viral *di gryse Drimanskap*: Keiser Wilhelm, Vorst von Bismarck en Graaf von Moltke.

Ons seg, di gryse Drimanskap; want di 3 manne, wat di nuwe Duitse Keiserryk opgebou het, is al dri al hoog bejaard. Di Keiser en syn Veldmaarskalk von Moltke is albei al ver oer di 80 jaar, en Vorst von Bismarck diep in di 70. En tog lyk Bismarck ruim so oud as di ander twé, wat hulle jare goed draag, en nog reg op is.

Dit herinner my an 'n vertelsel. Keiser Wilhelm vraag een dag an Bismarck hoe hy dan so ouelik word; hoewel hy amper 10 jare jonger is, lyk hy al haas net so oud as di Keiser. Waarop Bismarck snedig antwoord: "Ja, Majesteit; mar 'n ryperd geef oek gewoonlik eerder op as di ruiter....."

En dit is seker. As 'n mens bedenk hoe Bismarck di laste van di hele Duitse Ryk draag, dan is dit gen wonder, dat syn grote, rysige gestalte wat vooro'er gebuig is ni. Mar andere wyt syn veroudering an syn wat uitspattende lewens-aard; iets wat oek verskoonlik is in imand, wat soveel moet peins en denk, as hy dan los kom.

Ons seg so ewe, Keiser Wilhelm draag syn jare goed. Dit kon ons ondervinde by ons ontvangs an di Hof. Toen ons ankom, kom Bismarck self ons by di deur inhaal. Hy is 'n grote man, wat vooro'er, met oge wat vooruit; o'er geheel het hy gen angenaam voorkom ni. Mar hy is so ei'e in maniere, dat dit weer alles reg maak.

Hy lei ons toen in na 'n aparte saal, waar di Keiser ons ontvang. Wilhelm syn persoonlike voorkom is weer teleurstellend in 'n ander opsig. Vollens syn portret sou 'n mens 'n grote, fiere gestalte verwag. Mar né, di Keiser is mar 'n korte man, van nauweliks 'n middelbare gestalte.

Di President bedank di Keiser, dat hy ons di ontvangs verleen het;—geef te kenne dat hy self van Duitse afkoms is, soos 'n groot deel van ons volk;—en druk di hoop uit van goeie verhouding tussen di grote Duitse Ryk en di kleine Republiek, wat hier soos 'n kind staat te'eno'er 'n grote man.

Di Keiser lees syn antwoord, sonder bril, wat ons hartelik welkom heet, en genoeg uitdruk met 'n te sluite Vrindskaps traktaat.

Nou na di grote Resepsisaal, waar, soos gewoonlik, klompies staan en praat. Ons neem in 'n ry plaas, en te midde van al di skitterende uniforme, blink ons te meer uit met ons eenvoudige, swart manelle; di President had net syn serp daarby. En tog trek di hoek di andag. Om di beurt kom di vernaamste persone met ons kennis maak en wat praat.

Daaronder was di Kroonprins wel een van di vernaamste ; hy het twé- of dri-maal met ons kom staan praat.

Toen ra di tafel. Di President en ek sit naas Bismarck ; ek moes tolk, soms deur middel van Duits, mees deur Engels, terwyl Bismarck oek wel wat van Hollands verstaat, deur syn kennis van Flat-Duits.

Na di ete weor wat in di Resepsisaal. Daar nog met een en ander staan pr at. Eindelijk geef di Keiser di sein van vertrek, deur sig met 'n buig te verwyder, en elkeen gaat syns weegs.

Ek dog nog om an di lesers 'n idé te gé van 'n nasionale Duitse fees, soos gesien werd by di Hoeksteenlegging van di Ryksdagget ou. Mar ons vrinde kom myn seg, ons sal weldra inspan, om te sien di rivier deur te kom. En myn vrou roep, om dan eers 'n stukki te kom eet. En albei is goeie tydings ; so goed, dat ek myn stuk mar afbreek.

Sameloop van Riet- en Modderrivier,  
15 September 1885

---

## XV.—MET GEKROONDE HOOFDE.

---

DOWNINGSTRAAT VOLG ONS —ALTYD BETER.—ONTVANGST BY KONING EN KROONPRINS VAN HOLLAND —BY DI KONING VAN BELGIË.—BY DI PRESIDENT VAN FRANKRYK.—AN DI HOF VAN PORTUGAL.

Waarde Vrinde,—Toen onse Deputasi, by ons terugkeer en vóór ons vertrek uit Londen, Lord Derby gaat groet, maak hy di opmerking: “ Ek siet, julle het 'n regte goeie ontvangs gehad in Berlyn, nè ! ”

Myn antwoord was, namens di Deputasi: “ Ons is oeral goed ontvang, Milord ! ”

Uit di vraag blyk dat di ontvangs wat ons by di Duitse Regering en by di Keiserlike Hof, had bisonder di andag getrek het in Downingstraat.

En werkelijk was di ontvangs buitengewoon. Daar lag 'n bedoeling en betekenis in.

Dit verdien opmerking dat hy di Regerings en Vorstehuse di ontvangs van onse Deputasi al beter en harteliker werj. Dit sal blyk as ek 'n kort o'ersig geef van onse ontvangs an di verskillende Howe.

In Engeland werd ons gaar ni an di Hof van di Heilige Jakobus ontvang ni. Toen ons in Londen kom, het ons an Lord Derby onse bereidwilligheid verklaar om an di Koningin as Susereine van Transvaal onse respek te betoon as hy dit nodig denk. Syn antwoord was: "Dis goed, mar Hare Majesteit sit 600 myle ver van hier."

En hier kan ek meteen medeel dat dit lyk of Hare Majesteit sig alles behalwe op hare gemak gevoel in Londen, nadat di Iere 'n paar anslage op haar lewe gemaak het. Weinig mense lyk minder tuis in hulle ei'e woning as di Koningin van Engeland, in di hoofstad van haar ryk, en in Buckingham Palace. Mar—dynamiet is oek so goedkoop—en di lewe van 'n Koningin so duur.

\* \* \* \* \*

Di tweede land deur ons besog was Holland. Di warme ontvangs deur di bevolking is genoeg bekend. Mar di Koning was mar koel. Eers na 'at di Deputasi di Hoofstad verlate had verklaar syn Majesteit sig bereid om di President te ontvang. En dit was oek mar 'n korte stywe recepsi. Di Koningin was egter wat harteliker.

Wat egter hiervoor vergoed het was di gulle ontvangs deur di Kroonprins Alexander, helaas oek al an Nederland ontvalle! Eers wou syn Hoogheid di President alleen ontvang. en daarna moes di hele Deputasi by hom kom eet en di aand kom deurbring. En so opgenome was hy met di besoek, dat syn Adjudante verklaar syn Hoogheid nog selde in so'n stemming gesien te hê.

Omdat hy reeds is heengegaan, en te weinig gekend werd, daar mar min mense di gelegenheid had om hom van naby te leer ken, is dit ni onpas dat ek hier wat van ons ontvangs vertel.

Syn Hoogheid had syn ei'e Hofhouding in syn ei'e Paleis. Siekelik van aard werd hy seer selde in publiek gesien, en ontvang hy selde persone by sig. Party mense het gedag dat hy hypokondries was. Mar syn vroegtydige dood toon dat di siekte gen verbelings was ni.

Andere het selfs gedag dat di Prins ni al te goed van verstand was ni. Mar dis 'n nog groter vergissing. Syn Hoogheid was, na onse opmerking, 'n ongeslepe Diamant; syn enige gebrek was dat hy te min in di publiek en onder syn volk verkeer het.

Syn Hoogheid trek sig, selfs by sodanige ontvangs, ni an ni. Mar het eenvoudig 'n losse morgewewaad om, waarme hy dan oek mar al di tyd bly sit.

Heel gesellig en van aard was hy ons dit egter di aard te

maak. Di geskiedenis van ons land en volk ken hy beter as di meeste wat hier hulle B.A. en M.A. examens' gemaak het. Di eerste opstel van di Transvaalse groe dwet moes ek lelowe an syn Hoogheid te stuur.

Veul skik had hy in di vertellings van Generaal Smit, van jagte en oorloge. Vreemd kyk di naaste omgewing op, toen di gesprek naderhand so vertrouwlik werd, dat Generaal Smit vir hom seg: "Syn Hoogheid moet mar net na Transvaal kom en same met hom gaan jag, dan sal hy gou gesond wees." En nog meer was hulle verwonderd toen syn Hoogheid luimig syn eksuus maak, dat hy as Kroonprins ni Holland kon verlaat ni; mar syn tweede seun an Transvaal beloof—soveul had hy wel vir ons o'er."

Ongelukkig is hy heengegaan, sonder selfs vir syn eie land 'n troonopvolger na te laat. Saam met Holland betreur ons di verlies van Oranjes Vorstehuis.

Nog één bisonderheid van di besoek. Di adjudante van syn Hoogheid had ons megedeel as een van syn eigenaardighede, dat di Prins altyd di sein geef as dit tyd is ver syn gaste om te vertrek (wat verskoonlik is wegens syn siekelikheid) en dat hy ni graag siet dat iemand langer blyf of vroeger weggaat ni.—Mar di aand wou syn Hoogheid mar ni di teken van vertrek gé ni. Dit werd middernag. Naderhand moes di President mar syn eksuus maak om los te kom.

\* \* \* \* \*

In België was di ontvangs by di Hof nog harteliker. Koning Leopold is 'n man van 'n mooie lange postuur en middelbare leeftyd. Syn enigste kind di Kroonprins, het hy verloor. Di Prins van Vlaanderen is nou syn opvolger. Wat hy anders jaarliks an di seun te koste geleg het besté hy nou an 'n andere liefhebbery, namelik an di Handelsstaat an di Congo, in Midden-Afrika, waaran hy al miljoene ponde beste het en waaran hy nou Koning is. Dit lat hom te meer belang stel in Afrika, oek in Suid Afrika.

Dadelik het hy sig dan oek genege verklaar om di Deputasi te ontvang an di Hof. Was dit in Holland Spoorwegmaatskappye wat so beleef was ou ons Salonrytuige an te biede; in België stond di Staatswage op ons te wag op di grens. In Holland werd net di President ontvang en wel deur Koning en Koningin afsonderlik, in België di hele Deputasi deur di Koning en Koningin same. By Willom was di ontvangs kort en styf; by Leopold vry en ongedwonge.

Want so'n man is Koning Leopold, nix styf ni. Hoe wis hy di tyd te gebrak om een en ander uit te vinde v in Transvaal en verder noordop, waarin President Kruger hom heel

wat kon vertel uit syn ondervinding op jagtogte. Veral was hy opgenome om van ons te verneem dat di giftige Tsetsevlieg wegtrek met di groot wild same.

Leopold maak 'n aangename indruk; jammer mar dat hy ni Hollans praat ni, di taal wat dri-vyfde van syn bevolking spreek. Hy het Frans gepraat, en ons Hollans, wat hy goed verstaat.

\* \* \* \* \*

Di Franse is beleefd, uiters beleefd. Dit het ons insonderheid ondervonde, ni slegs by onse ontvangs by di volk ni, mar oek by di Regering. In Parys kom di ontvanger van vroeemde gesantskappe ons in di Grand Hotel sien en persoonlik alles regel wat betrekking het op onse ontvangs by di eerste Minister Jules Ferry en by di President Grevy. Di eerste was destyds di man wat di politieke teugels in hande had; di President was meer 'n pop. Dit het gebyk by di bespreking van *sake*. Mar in vriendelikheid en hartelikheid was albei trou in hulle Franse aard. Onse janmerking, dat onse kleine Republiek opsiet na di grote Republiek van Frankryk om hulp en bystand, veral in nouwere handelsgemeenskap, was seer welkom, en ontving 'n goeje antwoord. Di gesellig onderhond, in makklike leuningstoel, naas 'n gesellige haard, by di President van Frankryk was nog heel wat warmer as di ontvangs in di pragtige recepsi-saal van Koning Leopold. Hoe langer, hoe beter, was oek hier onse ondervinding.

\* \* \* \* \*

Mar soos ek al in verbygaan geseg het, di hartelikheid van di Koningshuis van Portugal was nog 'n grote spring vooruit, selfs op di ontvangs in Parys.

Koning Louis is 'n mooie, sagte man, innemend van geaardheid, van middelbare leeftyd, en seer bemind by sy volk. Hy is een van di weinige, gekroonde hoofde van Europa, wat mog werkelijk *regeer*. Di invloed van syn persoonlike gunstige gesindheid het ons selfs oek tot ons voordeel ondervinde.

Mar Louis is daarby 'n knap man oek. Hy spreek 5 tale: Portugees, Spaans, Frans, Italiaans, Engels. En van Duits en Hollans verstaat hy soveul, dat hy dikwils as ek won vertolk wat di President geseg het my dan seg: dis ni nodig ni, want hy het verstaan. En nog mooier was dit om te sien hoe hy syn bes doet om so nou en dan self iets an di President te seg in syn eie taal.

Di Koningin is 'n degtter van Victor Emmanuel, o'erlede

Koning van Italië. Sy is ni so mooi, mar seer anvallig van manier. Sy lyk dan oek seer bemind en geëerd. Dis 'n treffende bewys om te sien hoe di howelinge en ryksdienare voor haar buig op di een knie en met bevalligheid haar hand soen. Sels di twe grote seuns, di Kroonprins en syn broer, jongelinge van 19 en 21 jare oud, as hulle in haar geselskap kom, val hulle eers op di een knie en soen haar hand.

En di twe seuns is oek twe mooie, flinke jongelinge; hulle is di enigste kinders. Di Kroonprins veral is 'n seer ange-name jongmens. Hy spreek oek, nes syn vader, 5 tale, en seg an my dat hy nogal heel wat Hollanse boeke lees. Hy is 'n liefhebber van jag en vertel an ons dat hy juis kort te vore 21 skote op kwartels in di vlug geskiet het en daarvan 18 huistoe gebring het, waarop ons opmerk dat dus di Transvalers ni *alleen* goed skiet ni. Hy het dan oek wel groot lus om eendag na Delagoabaai te kom en dan meteen spring bokke en blesbokke te kom skiet in Transvaal. Mar 'n Kroonprins kan moeielik sover weg.

Driemale werd ons an di hof ontvang. Mar by twe andere gelegenhede had ons nog beter kans om, met di Koninklike famelie in nadere kennis te kom.

Gedurende ons verblyf in Lissabon was daar 'n Landbou tentoonstelling wat di Koning self geopen het. Toen had ons di gelegenheid om met di Koninklike fameli di hele tentoonstelling deur te gaan, en daar trof dit ons hoe volkome op di hoogte van landbou en industri di Koning en veral di Kroonprins is. Di vrage wat hulle ons deed en di inligtinge wat hulle ons geef, byv. o'er di Druifluis, en di vergelykinge van di produkte van Portugal met andere lande van Europa, was bewys genoeg.

Mar by nog 'n gelegenheid kon ons weer veral di Koningin nader leer ken. Juis di dag van ons vertrek uit Lissabon was daar 'n *Kermesse*, ons sou dit noem 'n Basaar, vir di *Krebbe*, dis 'n inrigting waar di kleine kindertjies van moeders wat di hele dag in di fabriek moet werk besorg en opgepas word,—'n seer nuttige inrigting, want di stomme goetjies sterf anders baing van verwaarlosing. Van di *Kermesse* was di Koningin self di Patrone, en ni mar net in naam ni; ne, met haar ei'e hande het sy en hare hofjuffers daarvoor gewerk, en di hele dag staat sy self by di tafel te verkoop.

Ek maak toen myn medeaafgevaardigde opmerkzaam dat dit ni meer as billik en betamelik is, dat ons onse erkentelikeid vir al di genote gunste van di Koninklike huis sou betoon deur an di goeje saak wat te doen.

Di President en ek gaat, vergeseld van di trouwe en vrin-  
delike adjndant. En ja, ons vind Hare Majesteit by haar  
tafel. Di President liet haar seg, " dat dit ons genocgc doet  
om haar so te sien as 'n ware moeder o'er di arme kinder-  
tjies, en dat ons hoop sy sal ons vergun om oek iets te doen  
an di goeje saak en iets van haar tafel te neem."

Daarop o'erhandig ons elkeen haar wat ons uitgedag had  
en sy geef ons elk 'n mooie ruiker gemaakte rose. So mooi  
nagemaak dat ons eers by terugkeer in ons Hotel bemerk  
dat dit kunsrose is, ons had dit vir natuurlike rose angesien.

Toen Hare Majesteit ons eigenhandig di fraaie rose geef  
lat ek haar seg deur di adjndant: " Ek hoop daar sal nooit  
wat slegters wees tussen ons tve lande as di ruiker vrinde-  
like blomme " Daarop vraag sy myn rose terug—trek 'n  
mooie pensee (wat *geluk* en *voorspoed* beteken) uit, en leg dit  
by myn ruiker rose en geef dit toen an myn terug met 'n  
vrindelijke glimlag.

Ek behoef wel ni te sê dat ek di rose en di pensee nog in  
besit het.

\* \* \* \* \*

En nou moes ek di leser nog na di Hof van Keiser Wilhelm  
in Berlyn neem. Mar di stuk is roeds te lank. Dit dus mar  
vir di vollende keer.

Sameloop van Riet- en Modderrivier,  
15 September, 1885.

